

AKADEMIESE INLIGTINGSDIENS
TYDSKRIFTE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

DATUM: 2000-6-30


VAKKODE: ZFA968

PRETORIANA 1999/112

ANGLBO

Ek, HERENIE ONTHOU, FISHER, verkeer histories plaas
Sal die treënde entorend van die hoofleie president van F. Kruger
van gesere
op 29 Junie
sent Kruger

Pretoriana Nr/No 112 - Oktober 1999



PRETORIANA

Tydskrif
van die
Genootskap
Oud-Pretoria
Journal
of the
Old-Pretoria
Society

Anglo-Boereoorloguitgawe

Anglo Boer War Edition

Bestuurslede/Committee members:

Mnr. W.J. Punt, Voorsitter/Chairman, Blou borde/Blue plaques, Tel: 46-4886.

Mnr. A.Jansen, Ondervoorsitter/Vice Chairman, Toere en Funksies/Tours and Functions, Skooltuinkompetisie/School Garden Competition, Wonderboompoort, Tel: 804-1023.

Mnr.F.Mohr, Sekretaris/Secretary, Penningmeester/Treasurer, Apiesrivier/Apies river, Nuusbrief/Newsletter, Tel: 47-3496.

Me. D. Offringa, Kultuurontwikkeling/Cultural Development, Waaksaamheid/Vigilance, Tel: 344-1807.

Mnr. A.C. van Vollenhoven, Pretoriana, Tel: 335-2117.

Mnr. H.P. Laubscher, Toere en Funksies/Tours and Functions, Nuusbrief/Newsletter, Tel: 362-6008.

Dr. J.P. Hugo, Blou borde/Blue plaques, Tel: 46-4318.

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001.

The post office box number of the secretariat is 4063, Pretoria 0001.

Redakteur: A.C. van Vollenhoven

Redaksionele adviseurs vir hierdie uitgawe:

A. Malan

A.J.Pelser

ISSN nr./no. 0478-1759

Uitleg & ontwerp: Annalita Harley

Gedruk deur: Business Print Centre

**INHOUDSOPGAWE/
TABLE OF CONTENTS**
Pretoriana nr/no 112

Redaksioneel/Editorial	2
Regstellings/Corrections	2
Luitenant-Kolonel Hermanus Christiaan Bredell <i>deur Mieka Erasmus</i>	3
Bredellhet self vertel van sy aandeel in Kruger se “Politieke testament” <i>deur Lappe Laubscher</i>	12
Rudyard Kipling oor 'n veteraan uit die Anglo-Boereoorlog <i>deur C. de Jong</i>	16
Britse blokhuse in Pretoria gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) <i>deur Anton C. van Vollenhoven</i>	20
Escape!! Two stories of prisoner of war escape Pretoria connection during the Anglo Boer War (1899-1902) <i>by Anton Pelser</i>	38
Die Anglo-Boereoorlog vergeleke met die burgeroorlog in die Verenigde State 1861-1865 <i>deur C. de Jong</i>	51
Instructions to authors	58

REDAKSIONEEL

Vanjaar begin die herdenking van die Anglo-Boereoorlog, wat op 11 Oktober 1899 uitbreek het. Die bestuur van die Genootskap het dit derhalwe goed gedink om 'n uitgawe van Pretoriana aan die oorlog af te staan.

Die oorgrote meerderheid van bydraes verskyn in Afrikaans, maar dit moet nie gesien word as 'n eensydige blik op die oorlog nie. Intendeel, word daar juis ook aandag aan spesifieke Britse onderwerpe, soos blokhuse en die ontsnapping van sir Winston Churchill gegee.

EDITORIAL

The Anglo Boer War is seen as one of the most important occurrences in the history of South Africa. Pretoria, the capital city of the South African Republic (ZAR), played a major role during the war. Pretoriana no. 112 therefore deals with some aspects of Pretoria during the Anglo Boer War.

The articles are published in the language preferred by the authors. The lack of English articles must therefore not be seen as a way to marginalize this language. We hope that it will urge others to write articles in English for future editions.

REGSTELLINGS/CORRECTIONS

In **Pretoriana** no/nr 111 moet die volgende regstellings gemaak word/ the following corrections should be made:

Bladsy/Page 5, 6de reël van bo af/6th line from the top:

JG Kirkness moet wees/should be JJ Kirkness.

Bladsy/Page 9, 4de reël van onder af/ 4th line from the bottom:

Hogere Oost moet wees/should be Hogere Oost Eind.

Bladsy/Page 11, 12de reël van onder af/12th line from the bottom:

oosower moet wees/should be wesower.

Bladsy/Page 12, boonste reël/top line:

Albasinië moet wees/ should be Albasini.

**LUITENANT-KOLONEL
HERMANUS CHRISTIAAN
BREDELL**



**Mieka Erasmus
Posbus 1777
Naboomspruit
0560
Tel: (014) 743 2043**

*Figuur 1. Foto van HC Bredell uit sy dagboek
(AG Oberholster, pp.1, 98).*

In Pretoriana No 110 van November 1997, is 'n artikel oor die die sluipmoordanslag op president SJP Kruger gepubliseer. Die hele betoog het gehandel oor die onbetroubaarheid van Hermanus Christiaan Bredell, 'n persoon wat sogenaamd in 'n fantasiewereld geleef het. Hy word beskryf as 'n losse aanhanger, sonder ware portefeulje, in die gevolg van president Kruger tydens sy ballingskap in Europa. Die genoemde artikel is nie wetenskaplik gefundeer nie en geen bronneverwysing kom daarin voor nie. Dit het die gevolg dat 'n negatiewe, onjuiste persepsie van die persoonlikheid van HC Bredell geskep word. In teenstelling hiermee word daar, slegs aan die einde van die artikel, 'n kort "aanname" van die werklikheid gegee, waardeur daar 'n geringe mate van balans bewerkstellig word.

Bredell voor die Anglo-Boereoorlog

Die lesers kan self oordeel as hulle bewus word van die posisie wat HC (Manie) Bredell gedurende sy lewe beklee het. Hy is op 12.10.1865 op die plaas Klein Rustenburg, afdeling Moddergat, distrik Stellenbosch, as oudste seun van Johannes Pieter Bredell en Anna Maria van Brakel gebore. Hy het 'n besonder goeie skoolopleiding gehad by onder andere die Stucki-skool te Blouville, Wellington, 'n skool bekend vir sy streng dissipline.¹

Nadat hy sy ouerhuis verlaat het, werk hy as padmaker saam met Christiaan Beyers in Pretoria^{2a} en as transportryer vir Alexander Gibson van Kimberley en George Heys van Pretoria.^{2b} Harde fisiese arbeid nie het hom nie afgeskrik nie.

Na 3 jaar as ingeskrewe klerk by die firma J.G. Quin in Johannesburg, kwalifiseer hy self as prokureur.³ Hierna word hy beëdigde vertaler in Nederlands en Engels in die Hooggeregshof van die ZAR (Zuid-Afrikaanse Republiek).⁴ Uit huis uit was hy ook 'n bietjie Duits magtig. Tydens die Jameson-inval (1895-96) tree hy as spioen vir die ZAR-speurdiens op.^{4b}

In 1895 bied die staatsprokureur, Ewald Esselen, hom 'n pos as tweede klerk in die kantoor van die Kommissaris van Polisie aan, wat hy aanneem. In 1898 word hy bevorder tot Verantwoordelike Klerk. Hy tree op as waarnemende Hoofkommissaris indien Hoofkommissaris DE Schutte uitstедig was.⁵

Tergelykertyd doen hy bedags sy polisiepligte en snags die sekretariële werk. In die tydperk net voor- en tydens die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was dit geweldige veeleisende werk.⁶ Hy skryf self: "Van af 8.10.1899 ben ik zonder afbreken aan huis geweest van President Kruger. Werkte daar dag en nacht" as

- I Waarnemend Hoofd Commissaris van Politie, ZAR
- II Lid Commissie Rust en Orde, Pretoria en Voorsteden

- III Lid Commissie Bewaking Krijgsgevangenen te Waterval Renbaan gevangenis en officieren kamp
- IV Lid Commissie Bewaking artillerie kamp, Kruit magazijnen, Spoorwegen: Pretoria - Elandsfontein, Warmbad en Ooster spoorweg lijnen
Bovendien had ik nog andere werkzaamheden van algemeenen aard te verrichten. Het werk deed mij erg moe worden, doch gaf niet in en spande steeds al mijn krachten in om mijne plichten op de best mogelijke wijze na te komen ...
- V Moest ik steeds alle krijgsgevangenen aan station ontvangen en in hunne respective kampen bezorgen. Had soms drie paarden ter mijne beschikking, omdat een niet al het werk kon verrichten. Sliep natuurlijks nachts bij President aan huis op een sofa voor bijna acht volle maanden.”⁷

Daarby neem hy nog baie werk oor van Frikkie Eloff, wat bedags die president se privaatsekretaris was “uit loutere belangstelling en in belang van onzer zaak”.⁸

Vanaf 10.9.1900 tot met president Kruger se dood, dus vir vier jaar lank, was hy Lyfwag van die President - ‘n aanstelling deur laasgenoemde self gedoen. Sy taak sou wees “om van tijd tot tijd de noodige veiligheidsmaatregelen te treffen aangaande zijn persoon”⁹

Die sluipmoordpoging

Inderdaad was Bredell bewus van die sluipmoordaanslag op sy president. Waarom, volgens die skrywer, dit dan net ligweg meld? As polisieman het hy geweet dat los praatjies die ondersoekbeamptes in ‘n saak net kan irriteer en die saak selfs kan benadeel. As lyfwag het hy die poging suksesvol help afweer. As nederige mens, nes sy president, het hy God vir die mislukking gedank en nie sy eie beuel geblaas nie.

Manie Bredell het met rede ‘n ampse stilsweye omtrent die sluipmoordaanval gehandhaaf. ‘n Algemene bekendmaking van die sluipmoord kon die moraal van die Boerevegters in die veld erg knou - daardie manne wat met soveel moed in groot ontberings, sonder behoorlike voedsel en klere, dag na dag in alle moontlike weerstoestande, die grote oormag van die sterkste oorlogsmasjien ter wêreld - Brittanje - moes beveg.

Bredell in Europa

In Europa tree hy ook as privaatsekretaris van president Kruger op, want hy skryf: “Als Privaat Secretaris krijg ek niets, geen tractement ... de maandelijksche bedragen van £30 kunnen worden besteed aan onze komandos.” Hy verbeur dus vrywillig sy salaris.

Bredell verkeer soms in 'n tweestryd, want hy skryf: “mijn nationaal gevoel dwingt mij terug te gaan ... naar mijn dierbaar vaderland ... om't help zuiveren van den Engelsman ... Liever in't vrije veld bij al mijn kameraden sterven in den strijd tegen roof en verwoesting dan in een kerkhof van den vijand of in een vreemd land. God geve dat ik weggaan kon... Men sterft maar eenmaal en welk een zalig oogenblik om in den strijd te vallen”.¹⁰

Hy het wel saam met sy broer Johannes (sien later) aan die Slag van Dalmanutha deelgeneem, tydens die tog van president Kruger na Lourenco Marques.¹¹

Toegewyd aan sy werk verklaar hy, niteenstaande sy eie begeerte, aan president Kruger in laasgenoemde se ouderdomsbetwyfeling: “President behoef niet bevreesd te zijn dat wij (hyself en die lyfarts dr Heymans) die u nu zoolang getrouw, of liever hoe swak of hoe goed hebben opgepast en versorg, u nu op u ouden dag zullen verlaten ... en dat indien het ongeluk u overkomen moest van later finantieel gebrek te moeten lijden, wij in uw leed zullen deelen en als mannen, getrouw en onderdanig, bij u zullen staan tot den dood toe. Ik vertrouwd dat God het geve mocht, dat wij in liefde zullen samewonen tot elkander's onderlinge steun en hulp”.¹² Bredell se nederigheid blyk duidelik uit die bostaande, sowel as die feit dat hy sterkte uit sy God en sy president geput het.

Kruger se laaste boodskap

Manie Bredell was onteenseglik persoonlike “valet” van die president - iemand wat toegewyd na sy liggaamlike en geestelike versorging omgesien het - sy vertroueling en sy vriend. Hy sou beste van almal geweet het presies wat die Laaste Boodskap van president Kruger aan sy volk was. Beoordeel volgens alle ampte wat Bredell suksesvol in sy lewe beklee het, het hy 'n sterk integriteit gehad en was hy geen samesweerder wat 'n fiktiewe Laaste Boodskap aan die Boerevolk sou bekonsel nie.

Na die oorlog

In 1905 praktiseer Bredell as prokureur in Pretoria.¹³ Hy stel sedert April 1908, op versoek van genl JC Smuts, sy dienste beskikbaar vir die organisering van Blanke arbeid in Transvaal en die Oranjerivierkolonie,¹⁴ ten einde oorlogsverarmdes weer op die voete te help.

Vanaf 1 Julie 1908 is hy Waarnemende Inspekteur van die Transvaalse Polisie. In 1909 kry hy spesiale erkenning van die regering vir sy hantering van die ondersoek ten opsigte van polisie-administrasie.¹⁵ Op 15 Oktober 1910 word hy aangestel as sekretaris van die Transvaalse Polisie.¹⁶ Tydens die landswye reorganisasieproses van die polisie in die Unie van Suid-Afrika, dien hy vanaf 1 April 1913 as Onderkommissaris sowel as Sekretaris van

die Polisie diens.¹⁷ Vanaf 1 Mei 1913 tot 16 November 1920 is hy Hoof van die Transvaalse Afdeling van die Polisie diens met die rang van luitenant-kolonel.¹⁸

Bredell tree op 31 Desember 1926 af, met die rang van luitenant-kolonel. Met sy aftrede was hy Sekretaris en Hoof Onderkommissaris van die Unie van Suid-Afrika Polisie.¹⁹ Hy ontvang in Januarie 1927 die “King’s Police Medal” op grond van “an uncommonly brilliant record” - buitengewone diens gelewer aan die Polisie.²⁰

Na sy aftrede werk hy vir ‘n tyd lank as vee-inspekteur van die Sentrale Padvervoerraad²¹. Tot met sy dood op 19 Maart 1953 op 87-jarige ouderdom, is hy ‘n nederige dog suksesvolle boer op sy plaas Zonneheuvel, distrik Marquard, OVS waar hy ook vir ‘n tweede keer in die huwelik getree het, naamlik met die weduwee Hilda Henrietta Oelrich, gebore Barry.²² Op sy versoek²³ is hy in die Bredell-familiekerkhof, Bredellpad, op die plaas Klein Helderberg, distrik Somerset-Wes, langs sy ouers begrawe.

Familiegeskiedenis

Sy vader was Johannes Pieter Bredell, gebore 12 Februarie 1833, aangegee as inskrywing no 12 van die geboorteregister van die klein dorpie Schweppenhausen, Bad-Creuznachts, Coblenz Duitsland.²⁴ Hy koop²⁵ en boer sedert 7 Augustus 1865 op die plaas Onder-Rustenburg, Moddergat, distrik Stellenbosch en beoefen ystersmeewerk. Die plaas is geleë langs ‘n sytak van die Moddergatsrivier, op sy beurt ‘n tak van die Eersterivier²⁶ en teen die hange van die berg Sinaï. Toe filloksera (wat alle wingerde vernietig) in 1885 te Groot Constantia uitbreek, is sy plaas een van die wat ongeveer terselfdertyd daardeur getref is.²⁷ Hy sterf op 21 September 1924 op 91-jarige leeftyd in die voorste kamer van die huis geleë op die draai van Die Laan, Stellenbosch huis no 32.²⁸

Sy moeder, Anna Maria van Brakel, dogter van Hermanus Christiaan van Brakel en sy vrou Elizabeth Josephine du Plessis, is gebore op 11 Augustus 1845²⁹ op Nietegund, ook ‘n onderdeel van die oorspronklike plaas Rustenburg, aan die voet van Helderberg, distrik Stellenbosch.³⁰ Sy trou op 20 Desember 1864 met J.P. Bredell en sterf op 8 Februarie 1887, met die geboorte van haar sesde kind, op Onder-Rustenburg.³¹

Sy oupa, stamvader van die Bredell’s in Suid-Afrika, arriveer in 1842 aan die Kaap. Hy was Peter Bredell, gebore op 12 November 1792 in Duitsland³², as seun van Paul en Susanna Bredell. Hy woon onder andere in Hauptstrasse 12 of 41, Schweppenhausen en beoefen sy beroep as bakker,³³ voor hy met sy vrou en 7 kinders na die Kaap emigreer. Hy sterf as boer op 73 jarige ouderdom, op 27 April 1864 op sy plaas Klein Helderberg te Bakkershoogte, langs die Bakkerskloofstroom, ook ‘n sytak van die Moddergatsrivier.³⁴

Sy ouma, Anna Maria Strünck/Stronck is op 6 April 1798 te Shautien, Koninkryk van Rusland (Swipholzen in Duitsland word ook genoem volgens Heese & Lombaard) as dogter van Frederich Stronck gebore. Sy sterf op 3 Junie 1863 te Klein Helderberg, hoewel haar grafskrif, sowel as Heese en Lombard, die sterfdatum as 6 Mei 1863 aandui.³⁵



*Figuur 2. Manie en Nettie Bredell met hul dogtertjie Ella.
(Uit die versameling van mev Mimmie Erasmus.)*

Hermanus Christiaan Bredell is op 12 Oktober 1905 in Pretoria met Stephanetta Johanna Paulina (Nettie) Eloff, getroud. Sy is op 10 Oktober 1877 as dogter van FC (Ryk Freek) Eloff en Elsie Francina Kruger gebore en was 'n kleindogter van president Kruger.³⁶ Hulle het in 'n huis, wat deur haar ouersaan hulle geskenk is, gewoon wat hulle "Ouderliefde" genoem het. Dit was geleë waar die spoorweggronde vandag te vinde is, tussen Voortrekkersweg en Paul Krugerstraat, Eloffsdal, Pretoria.³⁷ Sy sterf op 3 Mei 1920 aan malaria en is begrawe in die Rebeccastraatbegraafplaas. Die Bredell egpaar het 2 kinders gehad, naamlik Johan en Ella.³⁸

Volgens Mimmie Erasmus, gebore as Maria Petronella Christina Bredell, op 8 Mei 1907 te Potchefstroom, het haar oom Manie haar en haar man, Mike Erasmus genooi om by hom in te woon in "Ouderliefde" na sy eerste vrou se dood, voordat hy later met Hilda Henrietta Oelrich (gebore Barry) getroud is. Mimmie Erasmus is die dogter van Manie Bredell se broer, Johannes Pieter (Petrus) Bredell (wat op 1 Desember 1870 te Onder-Rustenburg gebore is en op 12 November 1954 te Pretoria oorlede is) en sy vrou Elizabeth Magdalena Maria Marx (gebore op 13 Maart 1885 in die Potchefstroom-distrik en oorlede op 20 April 1971³⁹ te Pretoria).

Mimmie Erasmus, nou reeds ouer as 90 jaar, onthou hom as 'n liefdevolle man wat baie streng en militaristies was. Hy het sterk respek afgedwing by almal en wou hê dat alles reg moes gaan.

As nakomeling van die stamouers van die Bredells in Suid-Afrika, verstaan ons die genetiese Duitse presisie, hardwerkende toewyding, netheid en militarisme wat in sy persoonlikheid na vore gekom het. Daarby was hy 'n diepgelowige Christen-Calvinis. Die resultaat van hierdie kombinasie, was sy byna perfekte optrede in watter amp hy ookal bekleë het. Gevolglik was sy integriteit bo enige verdenking.

Bronne

- 1, 2b-6 AG Oberholster: **Dagboek van HC Bredell 1900-1904**, p. 1.
SA Biografiese Woordeboek III, p. 102.
- 2a, 4b, 6 JW de Kock: Dag na dag by Pres. Kruger in **Die Huisgenoot**, 15 Desember 1944.
- 3-5 NAB A413/1.
- 7, 8 AG Oberholster: **Dagboek van HC Bredell 1900-1904**, p. 2.
SA Biografiese Woordeboek III, p. 102.
- 9 AG Oberholster: **Dagboek van HC Bredell 1900-1904**, p. 2.
SA Biografiese Woordeboek III, p. 102.
 Bredell & Grobler: **Gedenkskrifte van Paul Kruger**, p. 178.
 NAB A413/1.

- 10 AG Oberholster: **Dagboek van HC Bredell 1900-1904**, pp. 74-75.
- 11 AG Oberholster: **Dagboek van HC Bredell 1900-1904**, p. 9.
SA Biografiese Woordeboek III, p. 102.
 Johannes P Bredell: **Memoirs ongepagineerd onuitgegeef**.
- 12 AG Oberholster: **Dagboek van HC Bredell 1900-1904**, p. 86.
SA Biografiese Woordeboek III, p. 102.
- 13, 15-22 AG Oberholster: **Dagboek van HC Bredell 1900-1904**, p. 4.
SA Biografiese Woordeboek III, pp. 102-103.
- 14 **De Volkstem** 22.1.2.1926.
- 23 AG Oberholster: **Dagboek van HC Bredell 1900-1904**, p. 4.
Cape Argus 21.3.1953.
 Boedel HC Bredell OAB + Weesheer Bloemfontein 332/53
 Skrywer besoek en foto's geneem van Bredell-begraafplaas 1996 Somerset-
 Wes.
- 24 Heese & Lombaard: **SA Genealogies** Vol I, p. 420
 Fotostaat van die oorspronklike geboorte-inskrywing beskikbaar gestel deur
 mev Elsa Berns, gebore Bredell van Tamboerskloof, Kaapstad.
- 25 Aktekantoor Kaapstad T93, 7 Augustus 1863.
- 26 "Obermeyerkaart" uit **Rapport van Genade - Ned. Geref. Gemeente
 Helderberg** 1969-1994, p. 2.
- 27 Inleidende Wynkursus van die Akademie van Kaapse Wyne, p. 13.
- 28 Volgens familie oorlewering en bevestig deur mev Elsa Berns van
 Tamboerskloof, Kaapstad.
- 29 Wessel J van Brakel Wessels: **Van Brakel geslagsregister** 1925, Caledon,
 p. 3.
 Grafskrif Bredell Begraafplaas Klein Helderberg, Somerset-Wes.
- 30 JG le Roux: **Bewaarders van ons Erfenis - Plaaseienaars 1950**. RGN,
 ongepubliseer.
 Franzen & Cooke: **Old Cape Houses**, p. 102.
- 31 Heese & Lombaard: **SA Genealogies** Vol I, p. 420.
 Johannes Bredell: Memoirs ongepubliseer.
- 32 Heese & Lombaard: **SA Genealogies** Vol I, p. 419.
- 33 Fotostaat van geboortesertifikaat No 12 van Johannes Bredell
 Schweppenhausen en No 109 van Nicolaus Bredell Schweppenhausen jare
 1833 en 1834 beskikbaar gestel deur mev Elsa Berns van Tamboerskloof,
 Kaapstad.
- 34 KAB MOOC 6/9/107 No 1051 ook Bredell-begraafplaas.
 Heese & Lombaard: **SA Genealogies** Vol I, p. 419.
- 35 KAB 6/9/105 No 719 ook Bredell-begraafplaas.
 Heese & Lombaard: **SA Genealogies** Vol I, p. 419.

- 36 Heese & Lombaard: **SA Genealogies** Vol I, p. 420.
AG Oberholster: **Dagboek van HC Bredell 1900-1904**, p. 4.
JH van Dyk: **Stamregister van die Eloffs in Suid-Afrika**, p. 85.
NA Coetzee: **Duplessis familieboek 1688-1988**, p. 807.
- 37 Mev MPC Erasmus gebore Bredell vertel.
- 38 AG Oberholster: **Dagboek van HC Bredell 1900-1904**, p. 4.
Boedel HC Bredell, Bloemfontein Weesheer 332/53 OAB.
Heese & Lombaard: **SA Genealogies** Vol I, p. 420.
- 39 Grafskrifte Rebeccastraatbegraafplaas.

Vergelyk ook: **Die familie Bredell in SA** - opgestel deur Anton Bredell 1989.
EM Erasmus te "Jeanetta haar Loop" distrik Naboomspruit, Januarie 1998.

Die Genootskap verwelkom kommentaar, soos hierdie, op artikels wat in vorige uitgawes verskyn het. Ons vertrou dat dit sal meewerk tot gesonde debattering op die geskiedenis van Pretoria.- Redakteur.

BREDELL HET SELF VERTEL VAN SY AANDEEL IN KRUGER SE “POLITIEKE TESTAMENT”

Lappe Laubscher

Dit is beslis te verwelkom dat Mieka Erasmus verdere toeligting aangaande die persoon van HC Bredell verskaf. Die inleidende paragraaf laat egter die indruk dat sy vir die boodskapper kwaad is, omdat sy nie van die boodskap in my aanvanklike artikel gehou het nie.

Erasmus skryf dat my artikel gehandel het oor Bredell, ‘n persoon wat sogenaamd in ‘n fantasiewêreld geleef het, ‘n afleiding wat my verwonder. Sy skryf ook dat Bredell deur my beskryf word as ‘n losse aanhanger sonder ware portefeulje in die gevolg van president Kruger. Hierdie gewraakte stelling is gewis nie deur my gemaak nie. Wat in die oorspronklike artikel gestaan het, was:

“Wat Bredell se bedoelde rol by Kruger was, is nie duidelik nie. Die rol wat hy wel vervul het, was die van lyfwag en assistent tot Kruger se persoonlike sekretaris, Frikkie Eloff” (p.4).

Erasmus beweer voorts dat Manie Bredell oontenseglik persoonlike “valet” van die president was - iemand wat toegewyd na sy liggaamlike en geestelike versorging omgesien het. Hierdie stelling is gewis foutief. Na Kruger se liggaamlike welstand het sy lyfarts, dr Willem Heymans, omgesien, terwyl sy getroue lyfbediende, Happe, hom versorg het. Sy geestelike versorging is deur ‘n reeks predikante o.a. die bekende Nederlandse teoloog-cum-politikus, Abraham Kuyper, en die Springbokrugbyspeler, dr Herman van Broekhuizen, behartig.

Ek word voorts daarvan beskuldig dat my artikel nie wetenskaplik gefundeer was nie en dat daardeur ‘n onjuiste beeld van Bredell geskep is. Die historiese korrektheid van ‘n artikel word egter nie bepaal deur voetnote en/of bronverwysings nie.

Hierdie debat bring ons egter nog nie by die waarheid uit nie. Ek gaan net twee voorbeelde gebruik om agter die waarheid te kom, nl. die beweerde aanslag op die lewe van Kruger en Kruger se laaste boodskap aan sy volk.

Die aanslag op die lewe van Kruger

In my artikel maak ek twee stellings. Die een is dat ek dit vreemd vind dat geen ander bron behalwe Bredell se dagboek 'n verwysing na die voorval bevat nie en die ander is dat dit juis in die lig van die eerste stelling jammer is dat Bredell in sy dagboek nie meer besonderhede oor die hele voorval gee nie.

Erasmus skryf dat Bredell, as lyfwag, die poging suksesvol help afweer het. As nederige mens, nes sy president, het hy God vir die mislukking gedank en nie sy eie beuel geblaas nie. Hierdie is beslis bykomende inligting oor die voorval en dit is jammer dat Erasmus nie vir die oorsprong van die inligting 'n bronverwysing gee nie. Bredell self beweer nêrens dat hy die aanslag afgeweer het nie en ook nie dat hy God vir die mislukking gedank het nie.

Erasmus maak verder 'n saak uit dat die skamele inligting wat Bredell oor die saak gee, daaraan gewyt moet word dat hy die saak wou stilhou om nie die Boere in die veld onnodig te ontstel nie. Hierdie siening hou na my mening nie water nie. Hoe op aarde kan 'n aantekening, wat Manie Bredell in Europa in sy persoonlike dagboek maak (of nie maak nie), die gemoedstoestand van die Boere te velde raak. Daar was net geen manier dat die inligting uit sy dagboek aan die Boere bekend gemaak sou kon word nie.

Kruger se laaste boodskap

Hieroor skryf Erasmus:

“Beoordeel volgens alle ampte wat Bredell suksesvol in sy lewe beklee het, het hy sterk integriteit gehad en was hy geen samesweerder wat 'n fiktiewe laaste boodskap aan die Boerevolk sou bekonsel nie.”

Gelukkig kan HC Bredell self op die veronderstelling van Erasmus antwoord. Op 27 Februarie 1943 het Bredell op Marquard 'n plegtige verklaring afgelê en dit aan die destydse hoofargaris dr Coenraad Beyers gestuur. In die verklaring sê hy:

“... die sogenaamde politieke testament van President Kruger (is) oorspronklik in my handskrif ... geskrewe aan die hand van 'n konsep van Dr W J Leyds, aan welke konsep eger op mij versoek ... enige wysiginge aangebring is.”

Die woorde “sogenaamde politieke testament”, was Bredell se eie siening van die dokument. Sy betrokkenheid by die gekonsel om die dokument het hy self beskryf en moet sekerlik as histories korrek aanvaar word (figuur 1).

PLEGTIGE VERKLARING.

Ek, HERMANUS CHRISTIAAN BREDELL, verklaar hiermee plegtig dat die beroemde antwoord van Sy HoogEdele President S.J.P. Kruger aan Generaal Louis Botha, gedateerd te Clarens in Switserland op 29 Junie 1904, die sogenaamde Politieke Testament van President Kruger, oorspronklik in my handskrif as Partikulier Sekretaris van die President gestrewe is aan die hand van 'n konsep deur Dr. W.J. Leyds opgestel, aan welke konsep egter op ^{my} versoek ^{an} van President Kruger, enige wysigings aangebring is;

H.C.B.
not gankbaar

dat ek van die oorspronklike brief, na voorlegging aan en ondertekening van Sy HoogEdele President Kruger, op die destyds gebruikelike manier 'n kopie daarvan afgemaak het in 'n Briewe-Kopieboek deur my vir korrespondensie van President Kruger daarop nagehou;

dat ek my die inhoud van genoemde brief nog goed herinner;

dat ek op 'n noukeurige foto van 'n bladsy uit die oorspronklike kopie van daardie brief, sowel as op 'n foto van die laaste bladsy van die brief, welke beide foto's deur Dr. Coenraad Beyers van die Staatsargief te Pretoria aan my vir besigtiging gestuur is, duidelik my handskrif herken, asook op die laasvermelde foto die handtekening van Sy HoogEdele President Kruger;

dat die eerste woord van die tweede reël op die eersvermelde foto is "maak" in die sin: "en maak dat dit woord op het Afrikaansche Volk nooit van toepassing zal kunnen zyn";

dat ek die bewering as sou daardie sin gelees moet word: "en maak dat dit woord op het Afrikaansche Volk nooit van toepassing zal kunnen zyn", as beslis verkeerd beskou;

en verklaar ek verder dat ek terwille van die historiese waarheid bowestande verklaring gewilliglik doen en selfs bereid is, désvereis, om dit met ede te bevestig.

Aldus gedraan en geteken te ... *Marquard* ... 27.2...

op die 27^{de} dag van Februarie in die jaar Negentien Honderd Drie- en-Veertig.

as Getuie: *Ernst ...*

H.C. Bredeell

Figuur 1. Plegtige verklaring van H.C. Bredeell

Slot

Die bedoeling my met aanvanklike artikel was bloot om weer te kyk na Kruger se laaste dae en die waarde wat aan Bredell as getuie oor die tydperk geheg kan word. Dit sou beslis nie histories wetenskaplik wees om bloot elke persoon wat 'n mening het se getuienis ongetoets te aanvaar nie.

Ongelukkig kan Bredell se weergawe nie oral net aanvaar word nie. Die plegtige verklaring, waaruit hierbo aangehaal word, het hy juis opgestel na aanleiding van dr Coenraad Beyers se stuk **Die laaste lewensjare en heengaan van President Kruger**, wat in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis (Jaargang 4, deel 1, 1941, Kaapstad) verskyn het. Beyers het Leyds uitgewys as die opsteller van Kruger se laaste boodskap en Bredell was ongelukkig dat sy bydrae toe die dokument nie die regte erkenning gekry het nie.

Hoewel hy in die plegtige verklaring ook beweer dat hy Kruger oor die verandering wat hy voorgestel het, geraadpleeg het, is hy weer besig om die waarheid 'n kinkel te gee. Kruger is twee weke na die opstel van die Laaste Boodskap oorlede. Op sy sterfsertifikaat word as een van die oorsake van sy dood aangegee dat hy aan "gevorderde verkalking van are" gesterf het.

Dit beteken eenvoudig dat Kruger reeds siniel was toe Leyds en Bredell die Laaste Boodskap opgestel het. Kruger was in daardie stadium lank reeds nie meer toerekeningsvatbaar nie.

Soos in my aanvanklike artikel wil ek weer pleit vir begrip vir die twee se gekonkel. Hul bedoeling daarmee was onteenseglik goed.

Dit is duidelik dat dieselfde stukkie geskiedenis van verskeie kante beskou kan word. Daarom is dit soveel te meer belangrik dat hierdie standpunte gestel word. Die Genootskap is egter van mening dat verdere debatvoering oor hierdie onderwerp nie verdere lig daarop sal werp nie en beskou dus hierdie debat as afgehandel. - Redakteur.

RUDYARD KIPLING OOR 'N VETERAAN UIT DIE ANGLO-BOEREOORLOG

C. de Jong

Kipling was oorlogskorrespondent in Suid-Afrika in 1899-1900 en het 'n reeks gedigte oor Britse soldate in die Anglo-Boereoorlog geskryf. Hy gee daarin reguit en sonder mooipraat die gemengde gevoelens van die gewone soldaat, Tommy Atkins genoem, weer. Hy stel in sy gedig, "Chant-Pagan", 'n gedemobiliseerde "Irregular" uit die Britse volksklas aan die woord, wat nie gewoon kan raak aan die beperktheid en diensbaarheid in Brittanje, na drie jaar van belewenisse in Suid-Afrika met sy ontberings en swaarkry in die oorlog, maar ook die ervaring van die wydsheid, grootsheid en vryheid in die subkontinent nie. Hy verwys na sy baie veldtogte in Suid-Afrika, waaronder verskeie rondom Pretoria, en voel heimwee na die land. Hy oorweeg om daarheen terug te gaan en daar "to cure or die" en indien nodig werk by 'n "Dutchman" te aanvaar. Ou Engeland het vir hom te eng geword.

CHANT-PAGAN
(English Irregular, discharged)

Me THAT 'ave been what I've been -
Me that 'ave gone where I've gone -
Me that 'ave seen what I've seen -
 'Ow can I ever take on
With awful old England again,
An' 'ouses both side of the street,
And 'edges two sides of the lane,
And the parson an' gentry between,
An' touchin' my 'at when we meet -
 Me that 'ave been what I've been?


Me that 'ave watched 'arf a world
'Eave up all shiny with dew,
Kopje on kop to the sun,
An' as soon as the mist let 'em through
Our 'elios winkin' like fun -
Three sides of a ninety-mile square,
Over valleys as big as a shire -
"Are ye there? "Are ye there? "Are ye
there?"
An' then the blind drum of our fire ...
An' I'm rollin' 'is lawns for the Squire,
 Me!

Me that 'ave rode through the dark
 Forty mile, often, on end,
 Along the Ma'ollisberg Range,
 With only the stars for my mark
 An' only the night for my friend,
 An' things runnin' off as you pass,
 An' things jumpin' up in the grass,
 An' the silence, the shine an' the size
 Of the 'igh, unexpressible skies -
 I am takin' some letter almost
 As much as a mile to the post,
 An' "mind you come back with the change!"

Me!

Me that saw Barberton took
 When we dropped through the clouds on their
 'ead,
 An' they 'ove the guns over and fled -
 Me that was through Di'mond 'Ill,
 An' Pieters an' Springs an' Belfast -
 From Dundee to Vereeniging all -
 Me that stuck out to the last
 (An' five bloomin' bars on my chest) -
 I am doin' my Sunday-school best,
 By the 'elp of the Squire an' 'is wife
 (Not to mention the 'ousemaid an' cook).
 To come in an' 'ands up an' be still,
 An' honestly work for my bread,
 My livin' in that state of life
 To which it shall please God to call

Me!




Me that 'ave followed my trade
In the place where the Lightnin's are made;
'Twixt the Rains and the Sun and the Moon -
Me that lay fown an' got up
Three years with the sky for my roof -
That 'ave ridden my 'unger an' thirst
Six thousand raw mile on the hoof,
With the Vaal and the Orange for cup,
An' the Brandwater Basin for dish, -
Oh! it's 'ard to be 'ave as they wish
(Too 'ard, an' a little too soon),
I'll 'ave to think over it first -

Me!

I will arise an' get 'ence -
I will strek South and make sure
If it's only my fancy or not
That the sunshine of England is pale
And the breezes of England are stale,
An' there's somethin' gone small with the lot.
For I know of a sun an' a wind,
An' some plains and a mountain be'ind,
An' some graves by a barb-wire fence,
An' a Dutchman I've fought 'oo might give
Me a job were I ever inclined
To look in an' offsaddle an' live
Where there's neither a road nor a tree -
But only my Maker an' me,
And I think it will kill me or cure,
So I think I will go there an' see.

Me!

**BRITSE BLOKHUISE IN
PRETORIA GEDURENDE DIE
ANGLO-BOEREOORLOG
(1899-1902)**



Anton C van Vollenhoven
Nasionale Kultuurhistoriese Museum
Posbus 28088
Sunnyside
0132

Abstrak

Nadat die Britse magte Pretoria op 5 Junie 1900 ingeneem het, is die stad deur middel van fortifikasies in 'n vestingstad omskep. Dit is moeilik om die presiese omvang van en hoeveelheid fortifikasies wat opgerig is, te bepaal. Ses-en-sewentig is in die Pretoria-omgewing geïdentifiseer, terwyl 'n verdere 42 binne die munisipale grense van die stad ingesluit word. Hieronder tel die Cable Hill redoubt, Meintjieskop blokhuis, East fort en die Vesting blokhuis. 'n Verdere 47, wat waarskynlik ook binne die munisipale grense van Pretoria val, kon nie gelokaliseer word nie. Verskeie hiervan is vernietig, terwyl daar van 'n groot hoeveelheid slegs nog fundamente sigbaar is. 'n Waardevolle kultuurhistoriese erfenis staan gevaar om verlore te gaan mits dit nie spoedig as kultuurhulpbron aangewend word tot voordeel van Pretoria nie.

Abstract

British blockhouses in Pretoria during the Anglo Boer War (1899-1902)

After the British forces captured Pretoria on 5 June 1900, the town was fortified by means of various fortifications. Determining the exact range and number of fortifications erected is not an easy task. Seventy six fortifications were identified in the Pretoria area, whilst another 42 were found within the municipal boundaries of the town. These include the Cable Hill redoubt, Meintjieskop blockhouse, East fort and the Vesting blockhouse. A further 47, which were probably also built within the municipal boundaries of Pretoria, could not be located. A large number of the fortifications have already been demolished and of some only the foundations remain. An important cultural historical heritage is in great danger of being permanently lost. In order to prevent this, it should be utilised as cultural resources to the benefit of Pretoria.

Inleiding

Die Britse mag het sedert Junie 1900 gefortifiseerde poste op strategiese punte oor groot gedeeltes van Suid-Afrika opgerig. Die doel hiermee was om veral verbindingsroetes soos spoorlyne en paaie te beskerm.¹

Vanweë die belang van Pretoria, wat deeglik beskerm moes word omdat dit die hoofkwartier van die Britse opperbevelhebber gehuisves het, is addisionele fortifikasies rondom die dorp opgerig. Die Britse fortifikasies van Pretoria het nie 'n belangrike rol tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog vervul nie, behalwe dat dit as afskrikmiddel gedien het. Die oorlog moet dus bloot as die breë agtergrond waarbinne die fortifikasie van Pretoria plaasgevind het, beskou word.

'n Volledige lys van die Britse blokhuse in Pretoria is nog nie vantevore opgestel nie. Hoewel dit steeds moontlik is dat die lys, wat in hierdie artikel weergegee word, onvolledig is, onder meer weens 'n gebrek aan volledige dokumentasie in argiewe, is dit die mees volledige lys van blokhuse binne die munisipale grense van Pretoria.

Die blokhuisstelsel

Die blokhuisstelsel¹ is opgerig omdat dit duidelik was dat die spoorwegverbindings grootliks onbeskermd was. Ten einde hierdie belangrike kommunikasiestelsel te beveilig, het lord Kitchener, die Britse opperbevelhebber, besluit om gefortifiseerde poste langs die roetes op te rig. Die eerste blokhuse is in Julie 1900 opgerig. Daar is op die belangrikste stasies, brûens en ander strategiese plekke langs die spoorlyne gekonsentreer.² Hierdie blokhuse was hoofsaaklik dubbelverdieping klipstrukture en het sowat drie maande geneem om op te rig. Dit kon 'n garnisoen van dertig man huisves.³

Teen Januarie 1901 is daar met grootskaalse oprigting van blokhuse al langs die spoorlyne begin. Hierdie blokhuse was tydelike sinkstrukture en heelwat kleiner. Gevolglik kon dit vinniger opgerig word. Dit is deur 'n onderoffisier en vyf tot ses manskappe beman. Sedert Maart 1901 is hierdie tipe blokhuse ook op ander strategiese punte, soos paaie opgerig, waardeur probeer is om die bewegings van die Boerekommando's te belemmer. Hierdie strategie het veral ten doel gehad om die Boere deur middel van dryfjagte in die blokhuislinies vas te keer. Die blokhuislinies was teen Januarie 1902 voltooi. Blokhuse is op 'n afstand van 'n driekwart tot een en 'n half myl (1,2-2,4 km) uitmekaar opgerig.⁴

Hierdeur is 'n waardevolle historiese erfenis nagelaat. Teen die einde van die oorlog was daar soveel as 8 000 blokhuse oor 'n afstand van 6 000 kilometer versprei. Om dit te beman was sowat 50 000 troepe en 16 000 nie-blanke verkenners en wagte nodig.⁵

Blokhuse in en om Pretoria

Bronne verskil oor die hoeveelheid fortifikasies wat tydens die Anglo-Boereoorlog in die omgewing van Pretoria opgerig is. Volgens R. Tomlinson is die rekordhouding van die Royal Engineers, wat die blokhuse gebou het, nie altyd betroubaar nie. Sy berekening bring die totale aantal blokhuse op 371 te staan - 58 klipblokhuse en 313 sinkblokhuse. Die Royal Engineers se definisie van die Pretoria area, strek egter so ver noord soos Pietersburg. Tydens sy ondersoek het Tomlinson die oorblyfsels van 50 blokhuse opgespoor. Hy meld egter 57 fortifikasies in sy artikel. Sy definiëring van die Pretoria area strek wyer as die munisipale grense en sluit byvoorbeeld 'n blokhuis in Warmbad in.⁶

Ander bronne bring die aantal blokhuse op 61 te staan. Dit bestaan uit ses-en-dertig klipblokhuse, waarvan vier dubbelverdiepings was, en vyf-en-twintig sinkblokhuse, wat deur die 26e Kompanie van die Royal Engineers opgerig is.⁷ Die presiese grense wat deur dié skrywers gebruik word, word nie gemeld nie.

'n Lys van blokhuse, gedateer 1 Junie 1902, dui aan dat daar 85 blokhuse in en om Pretoria opgerig is.⁸ Hierdie bron gee ook nie die grense van die gebied wat beskryf word aan nie. Van hierdie 85 kon 20 binne die munisipale grense van Pretoria gelokaliseer word, terwyl 'n verdere 47 waarskynlik ook binne die munisipale grense van Pretoria val, 'n totaal van 67. Die res val net buite die munisipale grense van Pretoria.

Tomlinson meld 26 fortifikasies wat binne die munisipale grense van Pretoria val. Van Vollenhoven meld 16, maar by nadere ondersoek word nog 'n aantal genoem, wat sy totaal tot 19 opskuif.⁹ Dertien van die fortifikasies word deur albei gemeld wat dus die groot-totaal op 32 te staan bring. Boonop is die vier Boereforte van Pretoria ook nou deur Britse soldate beman sodat dit 'n deel van die verdediging van Pretoria uitgemaak het.¹⁰

Inligting oor die Britse fortifikasies is beperk en die meeste van die strukture is sedert die oorlog vernietig. Die enigste aanduidings daarvan kom dikwels op ou kaarte voor. Sommige van die plekke is wel opgespoor, hoewel daar dikwels slegs 'n hoop klippe, as getuies van 'n vroeëre struktuur, op die terrein oorgebly het.

Die volgende fortifikasies is in die Pretoria-omgewing geïdentifiseer, maar val nie binne die munisipale grense van die stad nie:

- 3 blokhuse by die Bronberge/Schavelpoort (sic)^b, suidoos van Pretoria
- 3 blokhuse by Kalkheuwel, suid van Broederstroom
- 1 blokhuis by Pampoennek, wes van Kommandonek
- 4 blokhuse by Nooitgedacht tussen Hek- en Buffelspoort
- 3 blokhuse by Breedtsnek, noord van Maanhaarand
- 1 blokhuis by Hekpoort (die bekende Barton's Folley)
- 1 blokhuis by Broederstroom
- 1 blokhuis by Warmbad
- 1 fort by Ifafi (die Rietfontein fort)¹¹
- 21 fortifikasies te Pienaarspoort¹²
- 10 blokhuse by Irene (Fort Cornwall)¹³
- 1 blokhuis, noord van Onderstepoort
- 7 fortifikasies tussen Pretoria en Bronkhorstspuit¹⁴
- 3 blokhuse, wes van Kommandonek
- 3 blokhuse, oos van Kommandonek¹⁵
- 5 blokhuse by Hornsnek¹⁶

- 1 blokhuis noord van Onderstepoort¹⁷
- 3 blokhuse by Bapsfontein
- 2 blokhuse by Silkaatsnek
- 2 blokhuse by Tygerpoort

Dit is reeds 'n totaal van 76 fortifikasies en sommige hiervan is moontlik deur die genoemde skrywers en argivale dokumente onder Pretoria ingedeel.

Die volgende fortifikasies val waarskynlik binne die munisipale grense van die stad, hoewel die presiese ligging daarvan nie vasgestel kon word nie:

- 9 blokhuse in die noordwestelike deel
- 7 blokhuse in die noordoostelike deel
- 10 blokhuse in die oostelike deel
- 3 blokhuse, wat deel van die oostelike verdediging uitgemaak het
- 4 blokhuse in die suidelike deel
- 7 blokhuse in die suidwestelike deel
- 4 blokhuse in die westelike deel
- 3 blokhuse by die New Cantonment¹⁸

Dit is 'n totaal van 47 fortifikasies. Die moontlikheid bestaan egter dat sommige hiervan in die onderstaande lys herhaal word, as gevolg van onduidelike historiese inligting. Hierdie lys verwys na die 42 fortifikasies, wat binne die munisipale grense van Pretoria geïdentifiseer en gelokaliseer is en waarvan 'n groot hoeveelheid deur Van Vollenhoven vermeld word.¹⁹ Inligting, wat vir die eerste keer gepubliseer word, word saam met hierdie blokhuse genoem, terwyl blokhuse waarvoor inligting reeds in ander werke gepubliseer is, slegs gelys word.

Cable Hill redoubt

'n Tydelike kabelspoor is hier opgerig om die boumateriaal tot bo te vervoer as gevolg van die steilte van die heuwel. 'n Pad is later tot bo aangelê. Dit was 'n dubbelverdieping-gebou, met afmetings van 9,55 x 9,7 m. Die blokhuis is in 1900 gebou.²⁰

Wonderboompoort blokhuis²¹(figuur 1)

Eerste Fabrieken blokhuis²²

Johnston redoubt

Hierdie blokhuis is in 1900 gebou en het sye van 6,2 m lank.²³

River Redoubt²⁴



Figuur 1. Argivale foto van die blokhuis in Wonderboompoort (T.A.B. foto 13542).

Daspoortrand sentraal blokhuis

Die fondament van hierdie klipblokhuis het sye van 7,8 x 4,5 m. Dit word ook die blokhuis by die Eloff-deurgrawing genoem²⁵ (Figuur 2-3).

Wesfort blokhuis²⁶


Hierdie blokhuis is eintlik nie binne die munisipale grense van Pretoria geleë nie, maar die grens loop enkele meter suid daarvan verby. Aangesien dit duidelik inpas by die fortifikasies op die Daspoortrand, word dit hierby ingedeel.

Magazine redoubt (Figuur 4)

Dit bestaan uit twee vertrekke en die sye daarvan is 5 x 5,4 m lank.²⁷

Muckleneuk blokhuis²⁸

Howitzer redout²⁹



Figuur 2. Hierdie foto van 'n treinongeluk by Daspoort, dien as onomwonde bewys dat die blokhuis by die Eloff-deurgrawing uit die Anglo-Boereoorlog dateer. Die blokhuis is sigbaar as 'n uitsteeksel op die tweede koppie van links af (Nasionale Kultuurhistoriese Museum: T.E. Andrews-versameling).



Figuur 3. Slegs die fundamente van die blokhuis by die Eloff-deurgrawing is vandag sigbaar (foto: F T Dreyer).



Figuur 4. Oorblyfsels van die Magazine redoubt op Magasynheuwel (foto: F T Dreyer).

Hillcrest blokhuis³⁰

East fort

Op Strubenkop is 'n groot fortifikasie in 1900 opgerig, naamlik die East Fort. Dit is ook die Eastern redoubt genoem. Hierdie fortifikasie het oor 3 blokhuse beskik.³¹ Dit het minstens twee skiettorings gehad. 'n Vyfduim kanon is as bewapening in die fort geplaas.³²

Klapperkop blokhuis (Figuur 5)³³

Johannesburg Road redoubt

'n Reghoekige fondament, met sye van 9,5 x 4,8 m, is nog sigbaar op die terrein.³⁴

Kwaggapoort blokhuis

Dit moes waarkynlik die spoorlyn bewaak. Die afmetings daarvan is 9,8 x 5,3 m en die mure is nog sowat 1 m hoog.³⁵

Quagga redoubt

Tekens van 'n L-vormige blokhuis word tans nog op die terrein aangetref (Figuur 6).³⁶ Hier was ook 'n sinkblokhuis opgerig, waarvan geen teken gevind kon word nie.³⁷



Figuur 5. 'n Gedeelte van die oorblyfsels van die Klapperkop blokhuis (foto: A C van Vollenhoven).

Vesting blokhuis(Figuur 7)³⁸

Cable Hill blokhuis 1

'n L-vormige fondament hiervan is in 1980 opgemeet. Dit is 8,2 x 8,0 m groot. Dit het ongeveer 100 m noordoos van die redoubt gestaan, maar is vernietig met die oprig van radiomaste daar in 1984.³⁹

Cable Hill blokhuis 2

'n Derde blokhuis is by Cable Hill opgerig, maar geen inligting is hieroor bekend nie.⁴⁰

Derdepoort

Die Britte het Derdepoort ook beman.⁴¹ 'n Aantal klippe, wat in 'n sirkel gerangskik is, is al oorblyfsels wat daarvan gevind kon word. Dit is 5,8 m in deursnit.⁴²

Salvokop blokhuis

'n Foto van 'n blokhuis naby die NZASM-brug aan die oostelike voet van Salvokop is in die argief opgespoor.⁴³ 'n Deeglike soektog van die area het egter geen oorblyfsels hiervan opgelewer nie.



Figuur 6. Die fondament van 'n L-vormige blokhuis, wat deel van die Quagga redoubt gevorm het (foto: F T Dreyer).



Figuur 7. Die Vesting blokhuis (foto: F T Dreyer).

Wonderboomnek blokhuis

Oorblyfsels van 'n blokhuis kom oos van Fort Wonderboompoort en wes van Voortrekkersweg voor. Dit is sowat 5,5 m in deursnit en verkeer in 'n baie swak toestand.

Wonderboom blokhuis

Nog 'n klipblokhuis is in die omgewing van Wonderboom opgerig. Geen verdere inligting is hieroor bekend nie.⁴⁴

Daspoortrand-oos blokhuis

'n Vierkantige fondament kom op die oostelike gedeelte van Daspoortrand (Pierneefrif) voor, noord van die Rietondale proefplaas. Die mure daarvan is 5,4 m lank.⁴⁵

Daspoort-oos blokhuis

Wes van bogenoemde blokhuis kom die fondament van nog 'n reghoekige struktuur, 7 x 5 m voor. Dit bestaan uit 2 vertrekke. Dit is oos van die punt waar DF Malanrylaan deur die Daspoortrand sny.

Daspoort-wes blokhuis

Die fondament, met sye van 10 x 5,5 m, kom op die rand net wes van die punt waar DF Malanrylaan deur die Daspoortrand sny, voor.

Daspoortrand-wes blokhuis

Vier fundamente van reghoekige klipblokhuis is verder na die weste toe, op die Daspoortrand gevind. Een sirkelvormige blokhuis se oorblyfsels is ook hier gevind.⁴⁶

Klapperkop-pomp blokhuis

'n Sinkblokhuis is by die pomp, wat water na Fort Klapperkop moes pomp, opgerig.⁴⁷ Geen verdere inligting is hieroor bekend nie, maar dit moes waarskynlik die pomp beskerm.

Schanskop blokhuis 1

Fondasies van 'n sirkelvormige klipstruktuur is oos van Fort Schanskop gevind.⁴⁸ Dit is 7,5 m in deursnit.

Schanskop blokhuis 2

'n Tweede sinkblokhuis is by Schanskop opgerig,⁴⁹ maar hiervan is niks opgespoor nie.

Langeberge blokhuis

Hierdie blokhuis was wes van die Johannesburg Road redoubt geleë. Die afmeting daarvan was 6,2 x 11,0 m.⁵⁰ Slegs 'n hoop klippe kom vandag op die terrein voor.⁵¹



Figuur 8. Die Meintjieskop blokhuis, omstreeks 1917 (T.A.B. foto 20914).

Meintjieskop blokhuis

Hierdie blokhuis is op Meintjieskop gebou, ongeveer waar die Uniegebou vandag staan. Dit was van klip gebou en moes waarskynlik die noordooste vir gevaar monitor (Figuur8). Geen oorblyfsels daarvan bestaan meer nie.⁵²

Fonteine blokhuis

Twee sinkblokhuis is by die Fonteine bos, suid van Pretoria opgerig. Een hiervan was noord en een suid van die bos.⁵³ Tydens 'n argeologiese ondersoek van die gebied, uitgevoer deur personeel van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in 1993, is vyf skanse naby aan die treinspoor hier gevind, wat moontlik hiermee verband hou.⁵⁴ Verdere inligting hieroor kon nie opgespoor word nie.

Rietvlei blokhuis

'n Sinkblokhuis is ook te Rietvlei, suidoos van die stad opgerig. Geen verdere inligting is hieroor bekend nie.

Onderstepoort blokhuis

'n Sinkblokhuis is by die veearts hospitaal, noord van Pretoria opgerig.⁵⁵ Hiervan is geen spoor gevind nie.

Slot

Die groot hoeveelheid blokhuisse wat binne die munisipale grense van Pretoria opgerig is, beklemtoon die belang van die dorp tydens die Anglo-Boereoorlog. Dit kan dan ook onomwonde gestel word dat Pretoria die mees gefortifiseerde gebied in Suid-Afrika is. Omdat daar nie altyd deeglike dokumentasie oor die blokhuisse bestaan nie, is dit onmoontlik om die presiese hoeveelheid wat opgerig is te bepaal. Dit wil voorkom of daar 76 blokhuisse naby die stad (buite die munisipale grense daarvan) en 89 binne die munisipale grense van die stad opgerig is, 'n totaal van 165. Daar is wel 42 blokhuisse binne die munisipale grense van Pretoria waarvan rekenskap gegee kan word °.

Twintig van laasgenoemde getal is reeds vernietig, terwyl daar van 'n verdere 16 slegs fondamente oor is. In sommige gevalle is hierdie fondamente nog net enkele klippe. Van vier blokhuisse staan die mure nog gedeeltelik, terwyl net twee nog oor dakke beskik.

Dit is duidelik dat hierdie waardevolle kultuurhistoriese erfenis gevaar staan om permanent verlore te gaan. Die aanwending daarvan as rusplekke en interpretasiesentrums vir stappers en toeriste is 'n moontlike wyse om te verhoed dat dit vernietig word. Die bestuur en benutting van hierdie kultuurhulpbronne sal sodoende ook 'n voordeel vir Pretoria as geheel inhou.

Voetnotas

1. J. SELBY, **The Boer War. A Study in Cowardice and Courage** (London 1969), pp. 50-57 en 166; P. WARWICK en S.B. SPIES (reds.), **The South African War. The Anglo-Boer War 1899-1902** (London 1980), pp. 56, 78-79, 86-88 en 97-98.
2. T.E. ANDREWS-versameling, **Britse Blokhuisse en -Blokhuislinies in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog (g.d.)**; T.E. ANDREWS-versameling, **The Evolution of the Blockhouse system in South Africa (g.d.)**.
3. T.E. ANDREWS-versameling, **The Evolution of the Blockhouse system in South Africa (g.d.)**; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: A 1619: E.H. BETHELL, The Blockhouse system in the South African War, in **Professional papers of the Royal Engineers**, p. 16.
4. T.E. ANDREWS-versameling, **Britse Blokhuisse en - Blokhuislinies in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog (g.d.)**; T.E. ANDREWS-versameling, **The Evolution of the Blockhouse system in South Africa (g.d.)**; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: A 1619: E.H. BETHELL, The Blockhouse system in the South African War, in **Professional papers of the Royal Engineers**, p. 286.
5. T.E. ANDREWS-versameling, **Britse Blokhuisse en -Blokhuislinies in Suid-**

- Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog (g.d.);** T. PAKENHAM, Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, in T. CAMERON en S.B. SPIES (reds.), **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld** (Kaapstad 1986), p. 215.
6. R. TOMLINSON, British Blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 14.
 7. F.J. DU T. SPIES, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. ENGELBRECHT (red.) ea., **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria** (Pretoria 1955), p. 102; B. THOMSON, The forts of Pretoria - our vanishing history, **Lantern** (1989-05), p. 78.
 8. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, CRE 5659, List of Blockhouses in the Pretoria District and on the Northern line, 1902-05-16.
 9. A.C. VAN VOLLENHOVEN, **'n Histories-argeologiese ondersoek na die militêre fortifikasies van Pretoria (1880-1902)** (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP 1992), pp. 175-223.
 10. F.J. DU T. SPIES, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. ENGELBRECHT (red.) ea., **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria** (Pretoria 1955), p. 102; B. THOMSON, The forts of Pretoria - our vanishing history, **Lantern** (1989.05), p. 78.
 11. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), pp. 11-29.
 12. D.C. PANAGOS & L. FABER, Aerial location of fortifications of the Anglo Boer War 1899-1902 using a microlight aircraft. **Military History Journal** 7(6) 1988, pp. 208-212; T.E. ANDREWS-versameling, Kaart van Pretoria en omliggende gebied (1908) **Pretoriana** (1994.03), pp. 11-29.
 13. P. MINNAAR, Die forte om Pretoria. **Africana vereniging van Pretoria nuusbriëf** (92) (1993.08), p. 5; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 14.
 14. F.J. DU T. SPIES, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. ENGELBRECHT (red.) ea., **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria** (Pretoria 1955), p. 106; F.J. DU T. SPIES, Forte en verskansings om Pretoria, **Pretoriana** (1955.07-1955.09), p. 79.
 15. M. EMMS, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, **Pretoriana** (1979.09-1979.12), p. 48; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), pp. 16-17.
 16. J.A. VAN SCHALKWYK (et.al.), **'n Opname van kultuurhulpbronne in die Akasia munisipale gebied** (Sunnyside 1994), pp. 10-11; M. EMMS, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, **Pretoriana** (1979.09-1979.12), p. 48; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 15.
 17. A.C. VAN VOLLENHOVEN, **Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902.**

- 'n Studie in die historiese argeologie.** (Pretoria, 1995), p. 98.
18. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuistelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaanse Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 133-134.
 19. A.C. VAN VOLLENHOVEN, **Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902. 'n Studie in die historiese argeologie.** (Pretoria, 1995), pp. 90-105.
 20. R. TOMLINSON, Letter to the editor, **Pretoria historical society newsletter** (184) (1995.01), p. 4; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 15.
 21. M. EMMS, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, **Pretoriana** (1979.09-1979.12), p. 46; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 15; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: Foto 13542.
 22. F.J. DU T. SPIES, Forte en verskansings om Pretoria, **Pretoriana** (1955.07-1955.09), p. 79; T.E. ANDREWS-versameling, **The Evolution of the Blockhouse system in South Africa (n.d.)**; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: A 1619; E.H. BETHELL, The Blockhouse system in the South African War, in **Professional papers of the Royal Engineers**, pp. 283-285.
 23. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), pp. 13 en 17.
 24. Nasionale Kultuurhistoriese Museum: HG 26213, kaart: Pretoria and environs, Field Intelligence Office, 1902; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: 2/88, kaart: Pretoria and Environment, Mines Department - Geological survey of the Transvaal, (1904-1905).
 25. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuistelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaanse Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 140-141; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 18; Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: T.E. Andrews-versameling.
 26. F.J. DU T. SPIES, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. ENGELBRECHT (red.) ea., **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria** (Pretoria 1955), p. 107; F.J. DU T. SPIES, Forte en verskansings om Pretoria, **Pretoriana** (1955.07-1955.09), p. 79; Transvaalse Argiefbewaarplek; Pretoria: 2/88, kaart: Pretoria and Environment, Mines Department - Geological survey of the Transvaal, (1904-1905); R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 15.
 27. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuistelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902)**

- in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaanse Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 147.
28. M. EMMS, **Pretoriana** (1978.03-1978.06), p. 84; M. Emms - The Editor, 1978.05.14; J.N. KIRKNESS, **Pretoriana** (1979.09-1979.12), p. 99; J.N. Kirkness - The Editor, 1978.11.22.
 29. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG 26213, kaart: Pretoria and environs, Field Intelligence Office, 1902; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 13; F.J. DU T. SPIES, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. ENGELBRECHT (red.) ea., **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria** (Pretoria 1955), p. 106; F.J. DU T. SPIES, Forte en verskansings om Pretoria, **Pretoriana** (1955.07-1955.09), p. 78; T.E. ANDREWS-versameling, Kaart van Pretoria en omliggende gebied, (1908).
 30. Militêre Museum Fort Klapperkop, Pretoria : Mnr. T.E. Andrews, persoonlike onderhoud, 1990.11.23.
 31. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaanse Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 133.
 32. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03) pp. 13 en 19.
 33. M. EMMS, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, **Pretoriana** (1979.09-1979.12), p. 48; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 18.
 34. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaanse Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 146.
 35. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 17; A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaanse Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 145.
 36. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), pp. 13 en 19.
 37. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaanse Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 133.

38. F.J. DU T. SPIES, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. ENGELBRECHT (red.) ea., **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria** (Pretoria 1955), p. 106; F.J. DU T. SPIES, Forte en verskansings om Pretoria, **Pretoriana** (1955.07-1955.09), p. 79; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 15.
39. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), pp. 15.
40. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **‘n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 133.
41. M. EMMS, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, **Pretoriana** (1979.09-1979.12), p. 48.
42. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **‘n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 135.
43. Transvaalse Argiefbewaarplek; Pretoria: Foto 20325; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, (1994.03), p. 15.
44. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **‘n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 133-135.
45. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1944.03), pp. 15.
46. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), pp. 15 en 17; A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **‘n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 137-139.
47. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **‘n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 133.
48. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 15.
49. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **‘n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde


- verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 133 en 147.
50. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 17.
 51. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **‘n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaanse Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 145-146.
 52. A.C. VAN VOLLENHOVEN, **Die fortifikasies van Pretoria**, Interne lesing van die Departement Vakkundige Dienste aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria (1993.03), p. 6.
 53. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **‘n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaanse Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 134.
 54. J.A. VAN SCHALKWYK & S.M. MOIFATSWANE, **‘n Argeologiese ondersoek van die Fonteinedalgebied, geleë op die plaas Groenkloof 358-JR, Pretoria** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1993), pp. 17-19.
 55. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **‘n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaanse Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 133-134.

Notas

- a. Die term fortifikasie is ‘n versamelnaam, wat alle plekke wat militêr versterk is insluit. Hieronder tel blokhuse, forte, redoubts, skanse ens. ‘n Blokhuis verwys na ‘n soort fortifikasie, naamlik ‘n klein gebou, wat slegs met hand- en skouerwapens verderig word.
- b. Dit moet waarskynlik Swawelpoort wees.
- c. Ten einde die fortifikasies te beskerm, word ‘n kaart nie by die artikel ingesluit nie. Sodoende sal die ligging daarvan nie bekend wees nie.

**ONTSNAP!! TWEE
VERHALE VAN
KRYGSGEVANGENE-
ONVLUGTING
MET 'n PRETORIA
VERBINTENIS
TYDENS DIE ANGLO-
BOEREOORLOG
(1899-1902)**

**ESCAPE!! TWO
STORIES OF
PRISONER OF WAR
ESCAPE
WITH A PRETORIA
CONNECTION
DURING THE ANGLO-
BOER WAR
(1899-1902)**



Anton Pelsler
Nasionale Kultuurhistoriese Museum
De Villiershof
Mears str.139
Sunnyside
0132
E-Pos: Antonsx2@nchm.co.za

Figuur 2. J.L.de Villiers in sy Indiër mondering (Uit De Villiers 1903)

Inleiding

Oorlog gaan gewoonlik gepaard met die gevangeneem van honderde en selfs honderdeduisende vyandelike krygsgevangenes. Vir enige soldaat is die gedagte aan gevangenesskap deur die vyand byna ondenkbaar en is die vrees vir die verlies van sy vryheid, en die vernedering wat daarmee gepaard gaan, amper groter as die vrees vir die dood. Die geskiedenisboeke is vol verhaale van soldate en krygsgevangenes wat alles moontlik probeer het om gevangenesskap te vermy of om uit die vyand se kloue te ontsnap. 'n Mens dink byna onwillekeurig aan Japanese soldate tydens die Tweede Wêreldoorlog wat of tot die dood toe geveg het of massalselfmoord gepleeg het, eerder as om die vernedering van gevangenesskap deur te maak. Dan is daar ook die film "The Great Escape", die ware verhaal van Britse krygsgevangenes gedurende die Tweede Wêreldoorlog wat alles probeer het om uit Duitse krygsgevangenekampe te ontsnap.

Die Anglo-Boereoorlog is geen uitsondering nie en daar is volop verhaale oor krygsgevangenesskap aan beide kante en oor pogings (suksesvol en onsuksesvol) om uit vyandelike hande te ontsnap. Hierdie artikel handel oor twee sulke verhaale.

Die verhaal van J.L. de Villiers

Die verhaal van J.L. de Villiers se ontsnapping uit 'n Britse krygsgevangenekamp in Indië, is seker een van die merkwaardigste stories i.v.m so 'n onderneming tydens die Anglo-Boereoorlog.

J.L. de Villiers is in 1871 in die Paarl gebore waar hy sy skoolopleiding aan die Gimnasium Jongenskool ontvang. Na skool begewe hy homself na Brittanje waar hy as siviele ingenieur opleiding ontvang. Met afloop van sy studies aanvaar hy 'n betrekking as ingenieur in Pretoria. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 word hy deur die ZAR regering opgekommandeer en hy sluit hom by die Boeremagte aan as 'n offisier. In 1901 word hy gevange geneem en na 'n Britse Krygsgevangenekamp in Indië gestuur.

Aankoms in die Kamp

Op 4 Junie 1901 arriveer J.L. de Villiers saam met ongeveer 500 ander Boerokrygsgevangenes aan boord die Britse transportskip "The City of Cambridge", by Madras in Indië. Van Madras is hulle per spesiale trein na Trichinopoly, die kamp waar hulle aangehou sou word, 'n afstand van ongeveer 340 km vanaf Madras. Omdat hulle die eerste krygsgevangenes was wat daar aangekom het, was daar 'n paar fotograwe op die stasie om hulle af te neem. De Villiers skryf oor die verwagtinge van die krygsgevangenes en hul aankoms in die kamp[**Ons het die verwagtinge gekoester dat ons kamp geleë sou wees in 'n bergagtige**

streek begroei met weelderige Indiese plante, waarvan 'n mens dikwels sulke mooi beskrywings in boeke aantref. Wat was dus ons teleurstelling toe ons by die kamp aankom en sien dat die kamptente in 'n uitgestrekte vlakke opgeslaan was, waar juis in daardie tyd van die jaar 'n droeë, warm stofwind met groot hewigheid byna die hele dag gewaai het. Boonop was water uiters skaars in daardie streek](De Villiers, 1903:16-17).


Volgens De Villiers het, hoewel die gesondheidstoestand van die burgers in Trichinopoly nie ongunstiger was as in die kampe op ander plekke in Indië nie, die ongelooflike warm weer, die gebrek aan water, en die onaangename stofwinde die lewe uiters onplesierig gemaak. Dít, en ander faktore, was van die belangrikste beweegredes agter sy besluit om te ontsnap **[Die meeste van ons was gewoon aan die vryheid van die veld en kon maar nie aan hierdie soort lewe gewoon raak nie](De Villiers, 1903:18)** en **[Nadat ons 'n paar maande in die kamp vertoef het, het 'n paar van die burgers met meer ondernemingsgees begin om planne te beraam om uit die gevangenskap met al sy onaangenaamhede te ontsnap](De Villiers, 1903:20).**

Planne om te ontsnap

Om uit Trichinopoly te ontsnap sou geensins maklik gewees het nie want **[die kamp was voorsien van 'n dubbele omheining van draad wat tussen albei rye van pale nog ook oorkruis gespan was, en die ruimte op die grond was opgevol met turksvye-en doringtakke. Die kamp is dag en nag bewaak deur 'n groot aantal skildwagte wat op kort afstand van mekaar met gelaaide gewere op wag staan. En daarby nog het die elektriese lampe op hoë pale rondom die kamp dit byna onmoontlik gemaak om in die nag te ontsnap](De Villiers, 1903:21)** (Figuur 1). Om dinge verder te bemoeilik het die Britse regering in Indië ook 'n geldelike beloning van 50 rupees (ongeveer 3 pond in daardie dae) uitgelooft vir enige inligting aangaande ontsnapte krygsgevangenes. Ten spyte van al die teenmaatreëls en die gevare verbonde aan so 'n onderneming, het die drang na vryheid twee Boere-offisiere tog laat poog om te ontsnap. Op 26 Desember 1901 het hulle toe wel vrygekom, maar hulle vryheid was van korte duur voor hulle deur die plaaslike bevolking aan kampowerhede uitgelewer is.

Dat die drang na vryheid tydens krygsgevangenskap byna ondraaglik is en enigiets gedoen sal word om dit te herwin, word duidelik deur De Villiers beklemtoon **[Geensins ontmoedig deur die mislukte pogings van die ander, het ek ernstig daarvoor begin dink om my voorneme om te ontsnap uit te voer. Ek was bereid om enigiets te waag liewers as om nog 'n somer in die kamp deur te bring](De Villiers, 1903:28).** Selfs nie die mislukte poging van die twee Boere-offisiere kon hom van stryk bring nie **[...maar die laaste ontsnapping waarvoor twee van ons burgers so swaar gestraf is (56 dae tronkstraf met**

harde arbeid, met die doel om ander voornemende ontvlugtendes te ontnguter), **het ons begeerte om die owerhede tog eenmaal 'n goeie poets te bak versterk]**(De Villiers, 190:28). De Villiers het egter besluit om alleen te werk, om so die kans op mislukking te verminder.



Figuur 1. Skets van Trichinopoly Kamp deur J.L.de Villiers (Uit De Villiers 1903)

Hy het begin beplan, en verskeie planne, die een minder uitvoerbaar as die ander het by hom opgekom, slegs om weer verwerp te word. Toe het hy een middag aan die volgende uitstekende, amper ongelooflike, plan gedink. Hy het opgemerk dat die oskar van die Indiërwinkel in die kamp elke middag, met die Indiërs agter die kar, by die hek uitgelaat is sonder dat veel aandag daaraan gegee is. Hy het dadelik beseft dat hier dalk 'n gulde geleentheid was om te ontsnap, mits hy homself as 'n Indiër kon vermom en saam met

die ander agter die oskar kon uitglip. Hy sou egter baie noukeurige voorbereidings moes tref om die plan te laat slaag [**Dit was in die eerste plek nodig om uit te vind of die kar en die koelies by die hek nie gevisenteer word nie, of hulle by hulle vertrek 'n pas moes vertoon, en ook of die kar moes wag tot die ander koelies wat in die winkel werk by die hek aankom. En verder moes ek seker maak of die koelies, nadat die winkel gesluit is, elke aand saam met die kar of later die kamp verlaat**](De Villiers, 1903:30).

De Villiers het vir geruime tyd die gebeurlikhede rondom die oskar by die hek dopgehou. Hy het gemerk dat, sodra die kar by die hek aankom die wagte die hek oopgesluit het, selfs al was die Indiërs wat nog in die winkel was nie saam nie. Sodra die kar uit was is die groot hek weer gesluit. Die ander Indiërs, wat besig was om die winkel te sluit, is 'n paar minute later by 'n klein hekkie uitgelaat. Soms het ook hulle agter die oskar by die groot hek uitgestap. 'n Pas was nie nodig nie en hulle is nooit deursoek nie. De Villiers het geweet dat hy 'n kans op sukses gehad het. Hy sou homself egter moes vermom en voordoen as een van die Indiërs wat in die winkel in die kamp gewerk het. Die belangrikste was om die nodige klere vir sy beplande vermomming in die hande te kry.

Die eerste kledingstuk wat hy in die hande moes kry was 'n turban, 'n dun wit doek wat om die kop gedraai word. Die materiaal vir die turban het hy bekom deur geld aan een van die Indiese bediendes wat hulle gehuur het te gee, met die veronderstelling dat hy dit vir lakens wou aanwend. Omdat hy nie geweet het hoe om die turban te draai nie, het hy weereens die bediende se hulp ingeroep, sonder om hom onraad te laat merk [**Ek sou hom wys maak dat ons die turban vir 'n toneelopvoering nodig het. Elkeen, en dus ook ons bediendes, het geweet dat ons verskeie verenigings in die kamp gehad het**](De Villiers, 1903:35). Hy moes ook 'n lang wit baadjie, soos die wat in groot dele van Indië gedra is, in die hande kry. Hy het sy bediende die laat koop, met die idee dat hy (De Villiers) dit vir hom sou hou sodat hy (die bediende) elke dag 'n skoon een kon aantrek wanneer hy kamp toe kom. 'n Paar kriketskoene, waarvan hy die punte afgesny het, het die mondering afgerond. Die moeilikste deel was egter om 'n middel te kry waarmee hy homself kon swart smeer [**Ek het verskeie proewe gemaak todat ek my toevlug geneem het tot 'n drukink waarvan ek 'n klein botteltjie in my besit gekry het. Die ink was weliswaar 'n bietjie dik en te swart, maar ek het die beswaar ook uit die weg geruim deur die ink met paraffien te meng. Dit was darem nog nie die regte nie. Nadat ek dit op my hande probeer het, het dit my voorgekom dat die sweetgaatjies nog te sigbaar en te wit was. Na enige beraadslaginge en verdere proewe het ek tot die gevolgtrekking gekom dat swartgebrande kurk ook kon gebruik word**](De Villiers, 1903:36-37).

Bo en behalwe 'n vermomming moes de Villiers ook ander voorbereidings tref om sy ontsnapping te laat slaag. Hy moes byvoorbeeld uitvind wat 'n treinkaartjie kos en wat die beste klas was om in te reis [...**want as ek by die stasie, waar die hele personeel uit**

Indiers bestaan 'n tweedeklas reiskaartjie neem, sou ek, in geval soiets nie aan koelies vergun word nie, verplig word om my in 'n gesprek met hulle te wikkel. Op die manier het ek gevaar geloop dat al my planne verraai sou word](De Villiers, 1903:38). Hy moes ook bepaal watter trein en roete die geskikste sou wees om van Trichinopoly weg te kom en na Pondicherry in Franse grondgebied te gaan. Sy plan was om dan van daar 'n skip na Marseille in Frankryk te neem en dan na Brittanje en uiteindelik Suid-Afrika. Hy het ook selfs geleer om sekere name en woorde reg uit te spreek sodat hy nie te veel aandag sou trek nie.

Sukses!!

Na maande se voorbereidings en beplanning het die groot dag uiteindelik aangebreek. De Villiers het besluit om op 10 Maart 1902 sy planne tot uitvoer te bring. Omdat hy nie in die aand na die afteken van die presensielys sou tyd hê nie, het hy die middag van die tiende reeds sy hele lyf, behalwe gesig en arms, swart gesmeer. Hy het ook sy gewone klere bo-oor sy Indiër vermomming getrek en **[My skeermes, skeerkwas, 15 tot 20 swartgebrande kurke is alles in orde gesit om dadelik nadat ek die presensieboek geteken het my verder klaar te maak vir my vermomming](De Villiers, 1903:47).** Hy het ook met sy vertrouelinge gereël dat hulle die Britse sersant wat rondgegaan het met die presensieboek moet kry om eerste na hulle toe te kom **[want die volgende aflees van name sou eers teen sesuur die volgende oggend geskied en die owerhede sou nie my afwesigheid voor die tyd kon ontdek nie](De Villiers, 1903:49).** Hy sou dan hopelik reeds baie ver op sy ontsnappingsroete gevorder het.

Na die teken van die presensieboek het een van sy vriende sy bokbaard afgeskeer, asook sy snor in die styl wat die Indiërs dit gedra het. Een van sy ander vriende het intussen sy hande, arms en gesig swart gesmeer. Sy vermomming was gereed en die tyd om sy planne uit te voer het aangebreek **[Dit was toe omtrent halfsewe. Ek het binne 'n kwartier heeltemal van gedaante verander](De Villiers, 1903:50).** Sy vermomming was so goed dat niemand hom herken het nie **[...toe ek by een van die hutte verbygaan, waar die sersant juis besig was om die name af te lees, hoor ek een van die burgers sê: 'Maar, hoor, dit is 'n swart koelie.' Hoewel die aandag van die mense op dié manier op my gevestig was, het niemand my herken nie. Dit het my gerusgestel, want ek was seker dat ook die Engelse my vir 'n koelie sou aansien](De Villiers, 1903:51) (Figuur 2).** De Villiers het aangestap en soos beplan die oskar naby die hek ontmoet. Hy moes sorg dat die Indiër by die kar hom nie sien nie, en het dus agter die kar bly staan toe dit by die hek stilhou. Hy beskryf die res van die ontsnapping **[Die hek gaan na die binnekant oop. Die polisiewag het dus met die hek verby die os gegaan en bly regoor my staan. Dit het egter nie lank geduur nie. Toe die hek oop was, het die kar voortgery, en ek gryp die kap van die kar asof ek by die kar behoort. Die koelie voorop was te besig met sy os**

om op te let wat agter gebeur. Op die manier het ek dus met die kar deur die groot hek gestap. Die kar het links agter die waghuisies afgedraai, terwyl ek langs die grootpad gegaan het, reg tussen die hutte van die Engelse troepe, op die hoofweg na Trichinopoly](De Villiers, 1903:54).

Die details van die res van J.L. de Villiers se suksesvolle ontsnapping is nie relevant nie. Na vele ontberings en 'n paar noue ontkomings het hy uiteindelik by Pondicherry op Franse grondgebied aangekom. Hier moes hy amper 6 weke wag voor hy die regte geleentheid gekry het om met 'n Noorse vragskip na Marseille te vertrek. Dít seereis was ook nie sonder voorval nie en was dit nie vir die Noorse kaptein se goedgesindheid nie sou hy waarskynlik in Aden, waar hulle anker gegooi het om kole te laai, deur die Britte gevange geneem geword het. Na 'n reis deur Europa saam met van sy familie, het hy uiteindelik op 2 Desember 1902, aan boord die Britse passasiersboot Norman Castle, in Suid-Afrika aangekom. Na die oorlog keer hy nie terug na sy ingenieurs betrekking in Pretoria nie, maar vestig hom in die Paarl. Daar tree hy in vennootskap met 'n plaaslike ingenieursfirma en is hy mede-verantwoordelik vir die oprig van die Noorder-Paarl Kerkgebou met die bou waarvan sy firma belas was. As gevolg van 'n kroniese verkoue wat hy tydens die oorlog gekry het en wat met sy ontberinge in Indië vererger is, het hy 'n ongeneeslike siekte opgedoen. Hy beswyk hieraan in 1910 aan die Paarl in die ouderdom van 39 jaar. Die mondering wat hy as vermomming gebruik het is op uitstalling by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein.

Die verhaal van J.L. de Villiers en sy ontsnapping uit 'n Britse krygsgevangenkamp in Indië is boeiend en vergelyk met van die beste verhale oor soortgelyke ervarings tydens ander oorloë. Dit is 'n uitstekende voorbeeld van die mens se drang na vryheid en wat hy alles sal probeer en deurmaak om dit terug te kry.

Winston Churchill escapes from a Boer prison

Probably one of the best known and most famous prisoner of war escape stories from the Anglo-Boer War is the one about Winston Churchill, the man who later became one of the greatest statesmen Britain and the world has ever known.

Winston Spencer Churchill (Figure 3) was born on November 30, 1874, prematurely, at Blenheim Palace, Oxfordshire in England. After completing his military training at the Royal Military College (now Academy) he joined the 4th Hussars in 1895. He craved action and an opportunity to make his mark. He spent a couple of months leave reporting the Cuban war of independence from Spain for the Daily Graphic, a London newspaper. In 1896 his regiment went to India, where he saw service as both soldier and journalist



on the North-West Frontier (1897). In 1899 he resigned his commission in the 4th Hussars to make a living as author and to enter politics. On his return to England he fought a by-election at Oldham as a Conservative. He lost by a narrow margin but found quick solace in reporting the Anglo-Boer War for *The Morning Post* (London).

Figure 3. Winston Spencer Churchill (From Encyclopaedia Britannica 1977. Courtesy of Yousuf Karsh)

Churchill's capture

On the 15th of November 1899 Churchill found himself on board a British armoured train, under command of capt. J.A.L. Haldane. The train was sent from Estcourt (Natal) on a reconnaissance trip towards Chieveley. **[The train was composed as follows: an ordinary truck, in which was a 7-pounder muzzle-loading gun, served by four sailors from the 'Tartar'; an armoured car fitted with loopholes and held by three sections of a company of the Dublin Fusiliers; the engine and tender, two more armoured cars containing the fourth section of the Fusilier company, one company of the Durban Light Infantry (volunteers), and a small civilian breakdown gang; lastly another ordinary truck with the tools and materials for repairing the road; in all five wagons, the locomotive, one small gun, and 120 men]**(Churchill, 1900:78).

The train arrived at Frere station at about 06:30 on the morning of the 15th, where Haldane received news that Boer patrols were still busy with reconnaissance on the other side of Chieveley. When he arrived at Chieveley however, he was ordered to fall back to Frere, because of Boer presence in the area and the fact that Chieveley was captured by Boer forces the previous night. Haldane acted accordingly, but as he was approaching Frere, Boer artillery surprised him, hitting the lead wagon. The train driver panicked when the Boers fired on the train and tried to speed away. The Boers did however pack large rocks on the tracks, and the train collided with these, causing it to disrail (Breytenbach, 1969:368-369). The details of the fight that followed, in which

Churchill apparently showed great courage, is not important. In the short-lived but brutal battle, 74 British troops were lost, with 4 dead and 14 heavily wounded, including Haldane and Churchill. The rest of the armoured trains' personnel (90 in total) got away in the locomotive. The Boers lost 4 men wounded and 2 dead in the fight (Breytenbach, 1969:370).

What it is like to be a prisoner of war is aptly described by Churchill. **[The position of a prisoner of war is painful and humiliating. A man tries his best to kill another, and finding that he cannot succeed asks his enemy for mercy. The laws of war demand that this should be accorded, but it is impossible not to feel a sense of humbling obligation to the captor from whose hand we take our lives. All military pride, all independence of spirit must be put aside. These may be carried to the grave, but not into captivity. We must prepare ourselves to submit, to obey, to endure. Certain things - sufficient food and water and protection during good behaviour - the victor must supply or be savage, but beyond these all else is favour... The dog who has been whipped must be thankful for the bone that is flung to him]**(Churchill, 1900:98-99). After a few days travelling on foot and by train, Churchill and the other prisoners arrived in Pretoria. Although being a war correspondent, he was regarded as a combatant and a officer and placed with the other officers in the Staats Model School, which was being used as a prison.

In captivity

Churchill describes his new 'home', the Staats Model School. **[It consists of twelve large class-rooms, seven or eight of which were used by the British officers as dormitories and one as a dining room; a large lecture-hall, which served as an improvised fives-court; and a well-fitted gymnasium. It stood in a quadrangular playground about one hundred and twenty yards square, in which were a dozen tents for the police guards, a cookhouse, two tents for the soldier servants, and a newly set-up bathshed. I do not know how the arrival of other prisoners may have modified these arrangements, but at the time of my coming into the prison, there was room enough for everyone]**(Churchill, 1900:148). Daily rations consisted of bully beef and other rations, while they were also allowed to buy other goods from a certain Mr. Boshof, a local storekeeper. They were not allowed, however, alcoholic beverages, a situation they did not find tolerable **[During the first week of my detention we requested that this last prohibition might be withdrawn, and after profound reflection and much doubtings, the President consented to countenance the buying of bottled beer. Until this concession was obtained...the only relief was found when the Secretary of State for War, a kind-hearted Portuguese, would smuggle in a bottle of whiskey hidden in his tail-coat or amid a basket of fruit]**(Churchill, 1900:149).

Every officer was given new clothes, bedding, and toiletries on arrival, **[and the indispensable Mr. Boshof was prepared to add to this wardrobe whatever might be required on payment either in money or by a cheque on Messrs. Cox & Co., whose accommodating fame had spread even to this distant hostile town]**(Churchill, 1900:150). The custody and regulating of the officer prisoners were entrusted to a board of management, four of whom visited them frequently and listened to complaints and requests. These were M. de Souza, the Secretary of War; Dr. Gunning, the founder of the Staats Museum and the Zoological Gardens in Pretoria; Commandant Opperman, who was directly responsible for their safe custody; and Mr. Malan, a close relation of President Kruger, **[a foul and objectionable brute]**(Churchill, 1900:151-153).

Even though the captured officers were fairly comfortable, the ordinary soldiers were less fortunate. **[Their rations were very scanty: only one pound of bully beef once a week and two pounds of bread; the rest was made up with mealies, potatoes, and such-like - and not very much of them. Moreover, since they had no money, and since prisoners of war received no pay, they were unable to buy even so much as a pound of tobacco. In consequence they complained a good deal, and were, I think, sufficiently discontented to require nothing but leading to make them rise against their guards]**(Churchill, 1900:150-151).

Planning to escape

To escape from enemy imprisonment is foremost in any soldier's mind. **[No sooner had I reached Pretoria than I demanded my release from the Government, on the grounds that I was a Press correspondent and a non-combatant]**(Churchill, 1900:173). **[To this effect I wrote two letters, one to the Secretary of War and one to General Joubert; but needless to say, I did not indulge in much hope of the result, for I was firmly convinced that the Boer authorities regarded me as a kind of hostage, who would make a pleasing addition to the collection of prisoners they were forming against a change of fortune. I therefore continued to search for a path of escape...]**(Churchill, 1900:175). Churchill makes it clear that he wanted to escape from the word go. **[Before I had been an hour in captivity, as the previous pages evidence, I resolved to escape. Many plans suggested themselves, were examined, and rejected. For a month I thought of nothing else. But the peril and difficulty restrained action. I think it was the report of the British defeat at Stormberg that clinched the matter]**(Churchill, 1900:179). In fact, as Churchill states, it was a month of bad news (regarding British defeats) that finally convinced him to escape. **[I do not pretend that impatience at being locked up was not the foundation of my determination; but I should never have screwed up my courage to make an attempt without the earnest desire to do something, however small, to help the British cause]**(Churchill, 1900:180).

One of the other reasons given by Churchill for his desire to escape, was the monotony of imprisonment. Although there were no legitimate grounds of complaint against the treatment of British regular officers while prisoners of war [**the days I passed at Pretoria were the most monotonous and among the most miserable of my life**](Churchill, 1900:154-155). The day started with a cup of coffee and a cigar or cigarette in bed. Breakfast was at nine [**a nasty uncomfortable meal**](Churchill, 1900:155). The mornings were spent playing chess or cards. Lunch at one was even worse than breakfast and a long afternoon followed. [**Often some of the officers used to play rounders in the small yard which we had for exercise. But the rest walked moodily up and down, or lounged over the railings and returned the stares of the occasional passers-by**](Churchill, 1900:155).




Figure 4. Churchill's sketch of the Staats Model School Prison (From Churchill 1900)

Churchill started to plan his escape in earnest. The prison was surrounded on two sides by an iron grille and on two by a 10 feet high corrugated iron fence (Figure 4). This was a small obstacle for a fit, young, person, [**but the fact that they were guarded on the inside by sentries, fifty yards apart, armed with rifle and revolver, made them a wellnigh insuperable barrier**](Churchill, 1900:181). He tried to bribe the sentries with gold, but they were incorruptible [**So nothing remained but to break out in spite of them. With another officer who may for the present - since he is still a prisoner - remain nameless, I formed a scheme**](Churchill, 1900:181). They noticed that when the sentries near the offices walked on their beats they were at certain times unable to see the top of a few

yards of the wall. Electric lights in the middle of the quadrangle lighted the whole place but cut off the sentries beyond them from looking at the eastern wall, for from behind the lights all seemed dark by contrast. **[The first thing was therefore to pass the two sentries near the offices. It was necessary to hit off the exact moment when both their backs should be turned together. After the wall was scaled we should be in the garden of the villa next door. There our plan came to an end]**(Churchill, 1900:183).

They did not however then knew how to get out of the garden, how to pass unnoticed through the streets of Pretoria, how to evade patrols that surrounded the town, and most importantly how to get to the Portuguese border. All attempts to contact friends outside also failed. **[We cherished the hope that with chocolate, a little Kaffir knowledge, and a great deal of luck, we might march the distance in a fortnight, buying mealies at the native kraals and lying hidden by day. But it did not look a very promising prospect]**(Churchill, 1900:184). Churchill also made a few other arrangements to ensure that his attempt at escape would be successful, and graceful. **[I gave full instructions to my friends as to what was to be done with my clothes and the effects I had accumulated during my stay; I paid my account to date with the excellent Boshof; cashed a cheque on him for 20 pounds; changed some of the notes I had always concealed on my person since my capture into gold; and lastly, that there might be no unnecessary unpleasantness, I wrote the following letter to the Secretary of State...]**(Churchill, 1900:176).

In his letter to Mr. De Souza he expresses his reasons for escaping, states that he is confident in his success and says that the Boer treatment of prisoners is correct and humane and that he sees no reason for complaint. He also promises to make a statement about this when he reaches British lines. The letter he arranged with friends to be put on his bed for discovery after his escape was noticed. To complete his escape, he needed a hat to make him less conspicuous. This he got from a Mr. Adrian Hofmeyr, a Dutch clergyman and pastor of Zeerust, who was incarcerated in the Staats Model School by the Boers for expressing opinions **[contrary to those which the Boers thought befitting for a Dutchman to hold]**(Churchill, 1900:177-178).

Escape!!!

The decision was to try and escape on the night of the 11th of December 1899, **[making up our minds quite suddenly in the morning, for these things are best done on the spur of the moment]**(Churchill, 1900:184). There was however no opportunity that night because the sentries did not walk about and one of them stood exactly opposite the only practicable part of the wall for them to use. So they decided on the next night, Tuesday the 12th. After the dinner bell rang, Churchill decided to make a move. He

strolled across the quadrangle and hid in one of the offices. Through a hole in the wall he watched the sentries. Churchill tells the rest. **[Then all of a sudden one turned and walked up to his comrade and they began to talk. Their backs were turned. Now or never. I darted out of my hiding place and ran to the wall, seized the top with my hands and drew myself up. Twice I let myself down again in sickly hesitation, and then with a third resolve scrambled up. The top was flat. Lying on it I had one parting glimpse of the sentries, still talking, still with their backs turned; but, I repeat, fifteen yards away. Then I lowered myself silently down into the adjoining garden and crouched among the shrubs. I was free. The first step had been taken, and it was irrevocable. It now remained to await the arrival of my comrade]**(Churchill, 1900:185-186).

But he waited in vain. Before his companion could try to escape the sentries became suspicious and he was unable to do so. Churchill was therefore on his own, but resolved to continue with his plan. Barely twelve hours after his escape, Churchill's absence was discovered. Every possible means was tried to recapture him, but the Boers were unsuccessful. After many days and adventures, excitingly described by Churchill (Churchill, 1900:189-206), he managed to get back to British lines on the 24th of December 1899.

Conclusion


Both stories told here are remarkable in their similarities. Although J.L.de Villiers and Winston Churchill fought on opposing sides, both men felt the same urge to escape and had the same resolve to succeed. They even had similar hair-raising adventures. The stories show that war and imprisonment does not treat the enemy any differently and that human beings (and soldiers) are the same, no matter on whose side they fight. These stories also show that, no matter what the conditions of imprisonment are (good or bad), man are not made to be behind bars, but needs to be free. The triumph of the human spirit are indeed shown in these escape stories.

References

- Breytenbach, J.H. 1969. **Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid Afrika. Deel I. Die Boere-Offensief Oktober-November 1899** (Pretoria:Die Staatsdrukker).
- Churchill, W. S. 1900. **London to Ladysmith via Pretoria** (London:Longman's, Green and Co.).
- De Villiers, J.L. 1903. **Hoe ek ontsnap het** (Pretoria:J.H.de Bussy).
- Encyclopaedia Britannica**. 1977. Vol.4, 15th edition (University of Chichago).

**DIE ANGLO-
BOEREOORLOG
VERGELEKE
MET DIE
BURGEROORLOG
IN DIE
VERENIGDE
STATE
1861-1865**

C. de Jong



Th. J. Jackson

Die oorloë wat voor die Anglo-Boereoorlog die meeste aandag in die wêreld getrek het, is die kort Frans-Duitse oorlog (1870-1871) en die burgeroorlog in die Verenigde State van Amerika (1861-1865), wat veel langer geduur het en veel verliesryker was. Laasgenoemde oorlog het ook in Suid-Afrika indruk gemaak en hier nog steeds lewendige herinneringe agtergelaat.

Twee van die herinneringe is populêre liedere. Die eerste is “Daar kom die Alabama” (meestal verkeerd gespel as Alibama), wat oor die kaperskip van die Suidelike Gekonfedereerde state handel. Dit het in Kaapstad ontstaan, toe die skip die hawe besoek het. Die tweede lied heet “Sarie Marais”. Die melodie en teks daarvan is afkomstig van die populêre lied “Ellie Rhee”. ‘n Onbekende sing daarin oor die ellende van die burgeroorlog in die VSA. Dit het nie toevallig in Tennessee, een van die Suidelike state, wat veel meer as die Noordelike state onder die oorlog gely het, ontstaan nie.¹ Die eerste reëls van “Ellie Rhee” lui:

“Sweet Ellie Rhee, so dear to me, is lost for evermore.
Our home was down in Tennessee before this cruel war.
Then carry me back to Tennessee, back where I long to be,
among the fields of yellow corn to my darling Ellie Rhee,
among the fields of yellow corn to my darling Ellie Rhee.”

Hierdie lied is waarskynlik tydens die Anglo-Boereoorlog na Suid-Afrika gebring deur Noord-Amerikaners, wat vrywilligers by die Boerekommando’s was - Ierse kampvegters uit die Oostelike state of muilriedrywers uit die Middel-Weste. Ek vermoed dat hulle “Ellie Rhee” by die kampvure gesing het en dat dit op die Boere dadelik indruk gemaak het.

Een van die hoorders was die Transvaler, Jacobus Toerien, ‘n jong man van talle ambagte en by die begin van die oorlog in Suid-Afrika drukker en boekverkoper in Middelburg. Hy het die stemmingsvolle melodie behou en ‘n teks gemaak wat by Suid-Afrika gepas het, en het Ellie Rhee vervang deur sy geliefde Sarie Marais. Die laaste strofe “Verlossing het gekom” is moontlik na die oorlog bygevoeg. Die lied het onmiddellik populêr geword, ook buite Suid-Afrika, en is nou die bekendste volkslied in Afrikaans. Dit is ook in talle ander tale vertaal.²

‘n Vergelyking tussen historiese persone, feite en groepe is interessant en leerryk, maar dit mag nie te ver gedryf word nie, want naas ooreenkomste is daar altyd groot verskille. Tog het historici graag die burgeroorlog in die VSA vergelyk met die Anglo-Boereoorlog.

Historici in die VSA het die opmars van die Britse generaals Roberts en Kitchener dwarsdeur die Boererepublieke en die spoor van verwoesting wat die Britse magte agtergelaat het,

vergelyk met generaal William Sherman se berugte mars dwarsdeur Georgia en die verwoesting wat sy troepe aangerig het. Jan C. Smuts het in sy “Memories of the Boer War”, verwys na die burgeroorlog in die VSA. Kort na die Vrede van Vereeniging en die oorgawe van die Boererepublieke in 1902 het hy van sy herinneringe aan sy militêre optrede geskryf. Dit is eers in 1966, deur W K Hancock en Jean van der Poel in “Selection from the Smuts papers”, deel een, gepubliseer.³ Smuts se oorlogsherinneringe is in letterkundige, joernalistieke en militêre opsigte ‘n uitmuntende werk en dit is jammer dat hy sy herinneringe nie volledig beskryf het nie. Een verklaring dat hy die werk nie voltooi het nie, is weens ‘n gebrek aan tyd. Waarskynliker vind ek die verklaring in sy betrokkenheid by die pro- en ant-Britse partypolitiek na die oorlog. As pro-Britsgesinde het hy voortgesette beskrywing van sy optrede as Boeregeneraal, polities onvanpas gevind.

Hy begin sy “Memories of the Boer War” op p. 537 t.a.p., met ‘n aanhaling van woorde van die generaal van die Konfederasie, Robert E. Lee, nadat hy op 9 April 1865, aan die einde van die burgeroorlog, met sy leër te Appomatox, moes oorgee aan die Uniegeneraal Ulysses Grant:

“We had, I was satisfied, principles to maintain and rights to defend, for which we were in duty bound to do our best, even if we perished in the endeavor.”

Hierdie woorde van Lee sê dat die Konfederasie gestry het vir verhewe beginsels en daarvoor alles opgeoffer het, sodat die stryd geheel eervol was. Lee se woorde is bedoel as troos vir sy medestanders en word deur Smuts aangehaal om troos te verskaf aan die Bittereinders wat ook ‘n vergeefse en edele stryd vir die behoud van die Boererepublieke gelewer het.

Die tweede verwysing van Smuts na die burgeroorlog in die VSA, staan op p. 604 t.a.p., en lui:

“A student of history cannot be but struck by the remarkable parallel between the Magaliesberg valley in the Anglo-Boer war and the Shenandoahvalley in the American Civil War. The ‘Moot’ is the Shenandoah valley of the Transvaal, and De la Rey is its Stonewall Jackson.⁴ From the beginning of September 1900⁵ till the end of that year a furious and uninterrupted contest was waged between De la Rey and various English commanders for the possession of this most fertile valley, and the conflict ended only when the complete devastation of the valley had reduced it useless as a prize to either party”.

Die Shenandoah is ‘n rivier in Virginië, VSA. Dit stroom 270 kilometer in noordoostelike rigting deur die dal tussen die Appalachianberge in die noordweste en die Blue Ridge in

die suidooste, en mond uit in die Potomacrivier by Harper's Ferry. Die dal het veel natuurskoon en is 'n vrugbare landbougebied, net soos die Moot. Dit is 'n strategiese deel van die staqt Virginië, een van die belangrikste gevegsgebiede in die burgeroorlog. Die ander belangrike gevegsgebiede was die hawestede aan die Atlantiese Oseaan in die Konfederasie en die Mississippivallei. In Virginië is die belangrikste veldslae gelewer in die eerste drie jaar van die oorlog en daar het die beslissing eers geval, nadat die Federasie op die twee ander fronte geseëvier het. Die oorlog het begin op 12 April 1861 en geëindig op 26 Mei 1865 met die oorgawe van die laaste Konfederale leër. Die Shenandoahvallei was van belang weens die nabyheid van die Federale hoofstad Washington, wat meermale bedreig is. Een skrywer noem die vallei "a veritable cannon pointed at Washington".⁶ Amper twee en 'n half jaar het die vyandelike leërs in die vallei binnegeval, aangeval en teruggeval. Teen 1863 was die vallei geheel verwoes en dit het sy strategiese betekenis grotendeels verloor.

Die burgeroorlog was 'n lang en besonder verliesryke oorlog. Een van die verklarings daarvoor is dat die Federale strydkragte 'n harde stryd moes voer teen vasberade Konfederale leërs, onder uiters bekwame aanvoerders, en ook teen die ruimte, die afstande en die klimaat, net soos die Britse militêre mag in Suid-Afrika in 1899-1902. Die Federales moes die enorme gebied van die Konfederasie verower en beset, 'n gebied waar stede en dorpe, paaie, brûe en spoorweë skaars was en voedselgewasse dikwels skaars was omdat die landbou hom op katoen toegelê het. In die klimaat was daar uiterstes van hitte en koue, droogte en reën. Die Federale state het steeds 'n groot oorwig in aantal mense en hulpbronne, veral industrieë, gehad en die see beheer. Tog het hulle ternouernood geseëvier.

'n Ander verklaring daarvan is dat die meeste Konfederale generaals veel bekwamer as die meeste Federale generaal was, wat mekaar vinnig opgevolg het totdat die Federasie in Ulysses Grant en sy regterhand William Sherman, twee baie bekwame generaals gevind het. Brilljante Konfederale bevelhebbers was Robert E. Lee en sy regterhand Thomas Jonathan Jackson (1824-1863).

Laasgenoemde was 'n onbemiddelde wees met min skoolopleiding, maar sy wilskrag het indruk gemaak en hy is toegelaat tot die militêre akademie te West Point. Hy was 'n uitmuntende kadet en is opgelei as artillerie-offisier. Hy het hom vroeg reeds onderskei in die oorlog teen Mexico in 1848. Omdat die diens in vredestryd hom verveel, het hy dosent in militêre taktiek en natuurwetenskap aan die Virginia Military Institute te Lexington geword. Ondanks sy inspanning het die studente hom saai en eksentriek gevind.

Hy het by die uitbreek van die burgeroorlog hom dadelik by die Konfederasie aangesluit en uit vrywilligers sonder militêre opleiding, 'n uitstekende krygsmag gevorm. Dit het vasbeslote standgehou in die chaotiese eerste slag by Bull Run wat 'n groot oorwinning vir

die Konfederasie was. Aan sy manskappe het Jackson sy bynaam “Stonewall” te danke. Lee het spoedig sy bekwaamheid ingesien en hom die bevel oor ‘n krygsmag gegee wat veel kleiner as die plaaslike Federale was.⁷ Daarmee het Jackson twee jaar lank die Shenandoahvallei met groot sukses verdedig en uitvalle onderneem. Sy pragtige militêre loopbaan is tragies beëindig toe hy in Mei 1862 by sy terugkeer van ‘n verkenningsrit in die duisternis per ongeluk deur sy eie manskappe geskiet is. Hy het op 10 Mei gesterf. Sy dood was vir die Konfederasie ‘n onherstelbare verlies.⁸

Smuts vergelyk die Shenandoahvallei met die Moot in Transvaal. Die Afrikaanse term Moot, beteken dal en is afgelei van die Engelse woord “moat”, wat grag beteken. Die Moot lê tussen die Magaliesberg in die noorde en die Witwatersberg in die suide en strek hom uit van Pretoria na Rustenburg oor 120 kilometer. Ook dit is ‘n vrugbare, redelik dig bevolkte dal met strategiese betekenis. Dit was in die oorlog soos ‘n pistool op die hoofstad, Pretoria, gerig. Daarom het die Britse opperbevel in die stad veel moeite gedoen om die Boerekommando’s uit die Moot te verdryf en was die Moot ‘n jaar lank die toneel van fel stryd tussen Boer en Brit. Daarom skryf Smuts in sy “Memories” in sy beeldende styl:

“It is impossible to contemplate the bleak and uninviting and apparently insignificant mountain range, the silent and grim spectator of so much in the history of Southern Africa, without melancholy emotion. Rising like a bastion on the lower slopes of the Highveld, it looks on the South at the smiling grassy plains and uplands of the Highveld and on the North at the endless dreary prospect of the Lowveld bush... And now it was to see the curtain rise on the most tragic spectacle of all, and a fresh tide of racial war sweep over these fair regions and convert them into ruin and desolation...”

Smuts noem generaal Koos de la Rey, sy leermeester as bevelvoerder in die sluipoorlog (guerilla-oorlog) en die Leeu van Wes-Transvaal heet, die “Stonewall Jackson van Transvaal”. Inderdaad is daar, naas verskille weens verskil in herkoms en opleiding, interessante ooreenkomste in karakter en militêre loopbaan.

Beide het voor hul militêre loopbaan min skoolopleiding gehad. Al twee het al vroeg hul uitsonderlike militêre talent getoon, Jackson in die oorlog teen Mexico as jong luitenant en De la Rey as veldkornet van 19jarige ouderdom in veldtogte teen swart stamme. Hulle was ook albei Christensoldate met Protestantse Calvinistiese godsdienssin - Jackson was ‘n Presbeteriaan en De la Rey was Nederduits Gereformeerd, Jackson was van Skots-Ierse voorouers en De la Rey van Hugenote. Byname van Jackson was “Deacon Jackson” en “Oliver Cromwell”. Beide het veel aandag gegee aan godsdiens oefeninge op hul veldtogte.

Die oorlog is deur al twee afgekeur, maar hulle was as krygsmanne vol pligsbesef en

aanvalslustig. Beide was gekant teen die groot oorlog toe dit genader het, maar het lojaal hul dienste aangebied, toe die oorlog verklaar is. Albei het uit 'n troep vrywilligers, sonder opleiding, 'n goed gedissiplineerde, gedugte krygsmag gevorm en daarmee groot oorwinnings behaal en was skitterende stratege en taktici, wat dikwels 'n veel sterkere vyand uitgemanoevreer en met vinnige marse en verrassingsaanvalle verslaan het. Beide was die regterhand van hul opperbevelhebber, Jackson van Lee en De la Rey van Louis Botha. Al twee was streng tugmeesters, maar is deur hul manskappe vertrou en vereer.

Die lewe van beide is ook tragies beëindig deurdat hul eie mense hulle per abuis geskiet het. Soos bekend is De la Rey by Potchefstroom op 15 September 1914 doodgeskiet, deur 'n polisie-offisier wat in die duisternis geglo het dat 'n wydgesoekte beroepsmisdadiger hom verbyry. Sowel Jackson as De la Rey is deur hul volksgenote diep betreur en geëer met gedenktekens en publikasies.

Na 'n jaar van gevegte en Britse verbrande-aardetaktiek, was die Moot net so verwoes en desolaat as die Shenandoahvallei. Daarna het die meeste Boerestryders die dal verlaat en die strydtooneel suidwaarts verplaas, en aanvalle onderneem onder aanvoering van De la Rey of sy onderbevelhebbers by Vlakfontein, Moedwil en Kleinfontein in 1901 en by Ijzerspruit, Tweebosch en Roodewal in 1902. Die gevegte in 1902 was die laaste omvangryke gevegte in die oorlog.

Verwysings

1. 'n Teffende beeld van die burgeroorlog in die VSA en die verskrikings daarvan word gegee deur die speelfilm "Gone with the wind" wat in 1939 gemaak is en ook 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van die rolprent ingelui het. Die film is gebaseer op die roman van Margaret Mitchell wat in 1936 verskyn het.
2. Bron is die pamflet van ma Mossie en J.C. Abrahams "**Susara Margaretha Toerien (Maré)**", Bloemfontein d. s.j., 4 pp. Die Franse teks het verskyn in "**Pretoriana**", nr. 98, April 1991, p. 77-78. Septimus Winner geld as digter van "Ellie Rhee".
3. W. Keith Hancock and Jean van der Poel, "**Selection from the Smuts papers,**" deel I. Cambridge at the University Press, 1966, p. 537 e.v. Gail Natrass and S.B. Spies, "**J.C. Smuts' Memoirs of the Boer War**" publisher Jonathan Bell, Johannesburg, 1994.
4. 'n Boereplaas by Standerton in Oos-Transvaal heet Shenandoah. Daar is meer boereplase in Suid-Afrika met plekname uit die VSA.
5. Die stryd om die Moot begin op 1 Julie 1900, toe generaal De la Rey drie gelyktydige aanvalle op Britse poste by Pretoria laat onderneem het. Hyself het 'n

- verrassingsaanval op Silkaatsnek uitgevoer en groot sukses behaal.
6. Arikel Thomas Jonathan (Stonewall) Jackson in **“Encyclopaedia Britannica”**, deel 12, Londen 1963, p. 854.
 7. Die redakteurs W.K. Hancock en J. van der Poel van **“Selection from the Smuts papers, Smuts’ Memories of the Boer War”**, deel I, t.a.p., skryf in noot 2 op p. 604 **“General T.J. (Stonewall) Jackson undertook a campaign in the Shenandoah Valley during the American Civil War. He was almost trapped in it, but escaped. The valley was completely devastated by the Union forces”**. Dit is nogal ‘n skewe voorstelling. In werklikheid het die veldtog van Jackson amper twee jaar geduur en is hy nie in die dal vasgekeer nie en het hy sy teenstanders meermale verras, teengehou en teruggedryf.
 8. Daar is veel oor Th. J. Jackson gepubliseer. Talle naslaanwerke bevat artikels oor hom, onder meer die **“Encyclopaedia Britannica”**, deel 12, Londen, 1963, p. 354, en uiteraard uitvoerig die **“Encyclopaedia Americana”**, deel 15, New York & Chicago, 1949, p. 581-584. Van die boeke oor Th. J. Jackson is van besondere belang die biografie van G.F.R. Henderson, **“Stonewall Jackson and the American Civil War”**, 1949, omdat Henderson een van die bekwaamste Britse inligtingsoffisiere in die Anglo-Boereoorlog was. Watter werke Smuts gebruik het, is my onbekend.

PRETORIANA

INSTRUCTIONS TO AUTHORS

Editorial policy

The Journal publishes articles, review articles, short communications, book reviews and comments on articles which have appeared in previous issues of the Journal. Articles must be written in English or Afrikaans. Opinions expressed are those of the author(s) and are not those of the editors or the Old- Pretoria Society. The Journal is published twice a year.

Submission of manuscripts

The original typed manuscript and one legible copy, as well as a manuscript on computer disk (WP5.1) should be submitted to the Editor. The manuscript will be checked by a member(s) of the Editorial Committee in order to maintain a certain quality. The style of presentation should be in accordance with that of articles in the latest issue of the Journal.

Title and author

The first page of the article must contain the title and the name of the author. The name of the institution with which the author is associated and a postal address may also be given.

References

A list of references must be given at the end of the article.

Abstracts

Short abstracts in English and Afrikaans may be submitted, but is not compulsory.

Figures

All figures should be numbered consecutively (eg. Figure 6). One set of figures must be submitted. Figure captions should be typed on a separate sheet in the correct order.

Copyright

Authors are responsible for obtaining copyright and reproduction rights on all figures. Copyright on all material published in the Journal is vested in the Old-Pretoria Society.

EDITORIAL ADDRESS

The Editor, Pretoriana, PO Box 31 064, Wonderboompoort, 0033.